# Hoofstuk 4

# Geele Andries van der Walt (a)

## (c. 1705 – c. 1757)

## Oriëntasie

Geele Andries van der Walt kom in 1727 in die Kaap aan. Hy was afkomstig van Veenwouden in Friesland, 'n provinsie van Nederland. Hy is omstreeks 1705 gebore en is omstreeks 1757 oorlede toe hy nagenoeg 52 jaar oud was. In die Kaap was hy eers in diens van die VOC, later 'n kneg en daarna 'n boer.

Toe Andries 37 jaar oud is, trou hy in 1742 met die agtienjarige Johanna Weyers. Sy is in die Kaap gebore in 1724 en is oorlede in 1766 toe sy 42 jaar oud was. Andries en Johanna het agt kinders en 87 kleinkinders gehad. Johanna het na Andries se dood weer getrou met Christiaan Gottlieb Lessing.

| **In hierdie hoofstuk** |
|---|
| Andries en Johanna |
| Andries – bl. |
| Hendrik – bl. |
| Renske – bl. |
| Tjaart – bl. |
| Johannes Petrus – bl. |
| Anna Maria – bl. |
| Johanna Catharina – bl. |
| Nicolaas – bl. |

## Erkenning

Daar het reeds twee stamregisters van die Van der Walts verskyn:

- Van der Walt C. M., Van der Walt E. J. en Van der Walt T. S. P. Geredigeer deur Jooste, E. P. en Groesbeek I. *Die Familie Van der Walt in Suid-Afrika.*[1]
- Van der Walt A. J. en Van der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998."*[2]

In die twee stamregisters is, na uitgebreide navorsing, breedvoerig berig oor die eerste Van der Walt-gesin. Die boeke bevat waardevolle agtergrond-inligting wat nie weer alhier volledig weergegee word nie. Daar word met groot waardering in hierdie stuk gebruik gemaak van inligting wat in die twee boeke voorkom.

## Genealogiese gegewens

a **VAN DER WALT, Geele Andries**: *Friesland, Veenwouden c. 1705[3]; †c. 1757[4].

x Stellenbosch 16.11.1742[5]: **WEYERS, Johanna**: *12.1.1724[6]; ≈Stellenbosch 27.8.1724[7]; †7.11.1766[8]. Dogter van Heinrich WEYERS en Anna Elizabeth GERRITS.
[Johanna Weyers trou weer:
xx Tulbagh 25.11.1759[9]: **LESSING, Christiaan Gottlieb**: *Duitsland 29.3.1724[10]; †Tulbagh, Roodezand 3.3.1788[11]. Seun van Johan Georg LESSING en Johanna Sophia DONATH.
[Christiaan Godlieb Lessing trou weer:
xx Tulbagh 25.9.1868: **POTGIETER, Isabella**: ≈14.9.1727. Weduwee van Anthony Lombard.[12]]



Moet afgerond word




Kaart nr. 44: Benaderde ligging van Veenwouden






Hervormde Kerk in Veenwouden: Die Johanneskerk



Die Schierstins in Veenwoude. 'n Middeleeuse vesting

# Van Friesland na die Kaap

Geele Andries van der Walt was blykbaar in die Kaap in die omgang bekend as Andries. Hy is omstreeks 1705 gebore in die Nederlandse provinsie Friesland in Veenwouden wat naby die hoofstad van Friesland, Leeuwarden, geleë is.

Andries se name kom voor as Geel Andries, Gaele Andriesz, Geele Andriesz van Veenwouden, Geele Andries van der Walde en verdere variasies daarvan. In Fries is Veenwouden Feanwalt (fean = veen en walt = bos/woud). Daar is twee sienings oor die Van der Walt-van. Een is dat dit kon ontstaan het uit die plek van herkoms en aan die Kaap ontwikkel het vanuit Feanwalt[13]. Die ander is dat Andries met die van Van der Walt uit Friesland in die Kaap aangekom het[14].

Gaele(s) of Geele is 'n Friese naam wat verwys na 'n fout, gebrek, bars, ens. Dit het 'n negatiewe betekenis en kon moontlik ontstaan het as 'n spot- of skeldnaam[15].

Die volgende is bekend ten opsigte van die voorouers van Andries[16]:

- Sy vader was Andries Gaeles, maar die naam van sy moeder is nie bekend nie. Sy vader het geboer op grond wat hy gehuur het.
- Sy oupa was Gaele Lieuwes en hy is in 1701 oorlede. Hy was getroud met Jancke Andrijs.

# Johanna Weyers

Johanna Weyers is in 1724 in die Kaap gebore. Sy was die dogter van Heinrich Weyers en Anna Elizabeth Gerrits. Heinrich (Hendrik) Weyers was afkomstig van Epe/Eppe wat 'n dorpie in óf Nederland óf Duitsland kan wees en kom in 1702 in die Kaap aan. Hy was eers 'n soldaat en vanaf 1714 'n burger. Hy sterf in 1725.


Heinrich trou in 1718 met Anna Elisabeth Gerrits en hulle het blykbaar vier dogters gehad, met die gevolg dat Heinrich nie 'n verdere nageslag met die Weyers-van gehad het nie. (Daar was egter ander Weyerse met 'n nageslag). Anna Elisabeth Gerrits se voorgeslagte was soos volg:

- Haar ouers was Caspar Gerrits en Elsje Speldenberg (Pyl) wat getroud is in 1693. Caspar het vanaf Nijmwegen in die huidige Duitsland gekom en is oorlede in 1719[17]. Elsje is gebore omstreeks 1679.

© A. M. Martin, J. J. Martin en R. J. du Preez


Moet afgerond word

- Elsje Speldenberg se ouers was Hendrik Speldenberg wat getroud was met Arriaantje van Cathryn oftewel Adriaenje Gabrielsz wat die dogter was van Catharina van Malabar[18].



Johanna, d' Vadr Weyer Hendrikse, moedr Anna Cyster Gerritse
27 Augs 1724.

Volgens die inskrywing hierbo, in die doopregister, is Johanna Weyers op 27 Augustus 1724 gedoop.

## Soldaat, Kneg en Boer

Andries kom in 1727[19] in die Kaap aan as 'n matroos in diens van die VOC. Daar is nie veel gegewens oor sy vroeë jare aan die Kaap beskikbaar nie. In 1729 word die Matroos Geele Andries aangedui as Poshouer van die buitepos te Vishoek (met 4 matrose). In 1730 is sy rang Kwartiermeester en hy bly die Poshouer tot 1734[20]. Volgens Sleigh het Andries na sy "ontslag" in 1734 vir tien jaar as kneg by boere gewerk voordat hy in 1745 'n boer geword het[21].

Op 25.1.1735 neem Arnoldus Johannes Basson vir Geele Andries van Veenwouden in diens as kneg teen vergoeding van ƒ14 en die voorsiening van kos, drank en goeie huisvesting[22]. Die kontrak is op 6.2.1736 vir nog 'n jaar verleng en op 27.2.1737 opgeskort. Andries het sy rang as Kwartiermeester in diens van die VOC behou en was dus 'n leenkneg wat in diens van die VOC gebly het, maar hom uitverhuur het as kneg.


als Knegt, en dat wat reedelyke dienste hem
Verders mogte benoodigen maandelyks omme offte
Voor de somma van Veertien Caabse guldens,
boven en behalven het onderhout van Spys, —
drank en goede huijsvesting

Uittreksel uit die kontrak tussen Arnoldus Johannes Basson en Andries: "... als knegt, .....voor de somme van veertien Caabse guldens boven en behalven het onderhout van Spys, drank en goede huijs vesting"

Op dieselfde dag wat sy vorige kontrak verstryk, neem Jan Cornelisz Olivier vir Geele Andries in diens as kneg teen 'n vergoeding van ƒ15 (Indiese valuasie), vry tabak, kos en drank sowel as goeie huisvesting. Die kontrak is opgeskort op 10.8.1740[23]. Op daardie selfde dag neem Jacob Cloete vir Geele Andries in diens as kneg teen ƒ16 (Indiese valuasie) en die voorsiening van kos, drank en huisvesting. Die kontrak is verleng in 1741 en 1742 en eindig op 16 Januarie 1744[24].


Andries was ook op een of ander wyse betrokke by die "opstand" van Estienne Barbier. Barbier was 'n droster-sersant. Hy het 'n klompie mense gekry om hom te ondersteun. In die notule van die Politieke Raad van 21 Maart 1739, word verwys na: "Estienne Barbier, bij sig hebbende deese volgende manschappen, namentlijk Lodewijk Putter, Hendrik Ras, Jan Olevier Cornelisz, Andries van der Walde, Sijbrand van Dijk, Jan Jacobsz van de Caab, Gerrit van Schalkwijk, Gerrit van Wijk, Christoffel van Wijk, Arnoldus Basson en Frans Campher, alle te paard met volle monteeringe,..."[25]




Moet afgerond word

## Handtekeninge van Geele Andries van der Walt

Daar is onsekerheid oor die geletterdheid van Andries. Nogtans het hy blykbaar 'n aantal dokumente onderteken. Daar is natuurlik altyd die moontlikheid dat iemand anders die naam geskryf het. Tog is dit in die dokumente die enigste konstante handskrif terwyl die ander wissel.




**25.1.1735[26]**



**27.2.1737[27]**



**27.2.1737[28]**




**10.8.1740[29]**



**20.8.1740[30]**

Daar is aan al die persone wat hulle by Barbier geskaar het, amnestie aangebied indien hulle aan 'n veldtog onder leiding van Johannes Cruywagen teen die Khoi-Khoi sou deelneem om geroofde vee terug te kry. Toe die voorwaardes aan "... Augustus Lourense, Jan Goes, Andries van der Walde, Arnoldus Basson ..." gestel is, het hulle dit aanvaar en deelgeneem aan die veldtog[31].

Op 16 November 1742 trou Andries met Johanna in Stellenbosch. Sy beroep word in die huweliksregister aangedui as Kwartiermeester in diens van die VOC. Hy was toe 37 jaar oud en sy agtien. Hy was toe reeds vyftien jaar aan die Kaap.



**Inskrywing van huwelik van Geele Andries en Johanna op 16 November 1742 te Stellenbosch[32]**

**"16 Geele Andriesse van der Wald, Quartier-meester in diens der E. Compagnie jongman, met Johanna Weijers van Cabo de goede Hoop, jonge dogter."**

## Eiendom en woonplekke

Die eerste plaas waarop weiregte aan Andries toegeken is, is die plaas **Uitkyk** (tans nr. 67)[33]. Die toekenning van die plaas "... over het Doornrivier..." word gemaak op 15 November 1746[34]. Die plaas is geleë in die Roggeveld noordwes van Sutherland in een van die baie koue dele van Suid-Afrika. Hierdie plaas is behou tot Andries se dood en het na sy vrou se tweede huwelik oorgegaan na haar tweede man, Christiaan Gottlieb Lessing. Later het Andries en Johanna se dogter Renske en haar man, Hendrik Olivier, op die plaas gewoon.

Op 25 September 1751[35] kry Andries weiregte op **Kruysrivier** (tans nr. 109)[36], suidoos van Uitkyk. Ongeveer 'n jaar later, op 25 November 1752[37] kry Andries weiregte op die plaas **Quachafontein** (tans nr. 66)[38], wat noord-oos van Uitkyk geleë is. Hierdie plaas was ook later in die besit van Hendrik Olivier wat met Andries en Johanna se dogter Renske getroud was.


Die volgende plaas waarop Andries weiregte[39] verkry is **Brandwacht** (tans nr. 46)[40]. Die plaas is noord van Sutherland geleë. Die plaas **Groote Klavervleij** is op 21.6.1756[41] aan Andries toegeken. Die plaas was moontlik 'n veepos onderkant die Roggeveldberge, maar die plaas word nie op die beskikbare kaarte aangedui nie.

In Andries se boedel word ook 'n plaas "... **de Mattjes Fonteijn** geleegen in 't Roggeveld onder 't district van Drakensteijn ..." genoem. Die inventaris[42] van sy boedel is egter meer as 'n jaar en 'n half na sy dood gefinaliseer. In die boedel is hy twee jaar se jaargelde skuldig vir Uitkyk en Quachafontein, terwyl daar een jaar se gelde ten opsigte van Matjiesfontein uitstaande is. Dit is dus moontlik dat die plaas na sy dood toegeken is.




Moet afgerond word

| Uittreksel uit die toekenningsbrief van Kruysrivier |
| --- |


Stellentosch..
( Werd door deesen gepermitteerd aan den Landbouwer
geele Andriesz van der walt. omme voor den tyd van
een geheel Jaar met Sijn Vee te mogen gaan leggen
en weijden op de plaats genaemt, de Kruijsrivier,
gelegen over de doorn rivier in 't rogge veld/ Zijnde
de verlaatene plaats van den meede Landbouwer Jo,
hannes Kruger:/

"Werd door deesen gepermitteerd aan den landbouwer geele Andriesz van der walt, omme voor den tyd van een geheel Jaar met Sijn Vee te mogen leggen en weijden op de plaats genaemt de Kruijsrivier, gelegen over de doorn rivier in 't rogge veld / Zijnde de verlaatene plaats van den meede Landbouwer Johannes Kruger:/......"

| Kaart nr. 45: Benaderde ligging van Andries se plase |
| --- |




## Die gesin

Andries en Johanna het agt kinders gehad, naamlik:

- Andries, getroud met Johanna Maria van der Merwe.
- Hendrik, getroud met Hester Venter.
- Renske, getroud met Hendrik Olivier.
- Tjaart, getroud met Anna Martha Venter en later met Maria Elizabeth Venter.
- Johannes Petrus, getroud met Alida Johanna Venter.
- Anna Maria, getroud met Johannes Albertus Venter.
- Johanna Catharina, getroud met Jan Venter.



**Moet afgerond word**

- Nicolaas, getroud met Maria Jacoba Coetzee.

Dit is opvallend hoeveel van die Van der Walt-kinders met Venters getroud is:

- Twee (Anna Maria en Johanna Catharina) was getroud met seuns van Pieter Venter (b5).
- Hendrik, Tjaart (eerste huwelik) en Johannes Petrus was getroud met dogters van Jan Hendrik Venter (b5c1), die oudste seun van Pieter Venter (b5).
- Tjaart se tweede huwelik was met 'n niggie van sy eerste vrou, die dogter van Petrus Venter (b5c2), die tweede seun van Pieter Venter (b5).

Andries het gesorg vir die onderwys van die kinders en uit Andries se boedel moes Rds. 36 agterstallige skoolgeld aan Christiaan Lessing betaal word.

Toe Andries vroeg in 1757 oorlede is, was die kinders tussen 14 jaar en drie maande oud. Hulle het dus saam met die Lessing-kinders in die Lessing-huishouding groot geword.

Soos aangetoon sal word in die stories van die kinders, was almal – behalwe Renske – deel van die trekboerbeweging na die omgewing van die huidige Middelburg KP en ander plekke in die ooste van die Kaap.

## Latere lewensjare

Op 19 Augustus 1756 onderteken Andries en Johanna 'n testament[43] wat, vry vertaal, soos volg lees:

> In die naam van God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees, het ons beide hierdie geskrif laat maak, Geel Andries van der Walt en sy huisvrou Johanna Weijers, dat as dit gebeur dat die Here een van ons uit die wêreld haal, die een wat die langste bly leef in volle besit van die boedel kom tot die tyd dat so een hom/haar weer in die huwelik begewe, hetsy die man of vrou. Dan moet die boedel deur die Weesheer getakseer en waardeer word. Rds. 366 vermaak ons aan ons kinders as eerste verpligting teen die boedel. Ook bemaak ons beide die som van ƒ25 aan die armes. Amen.
> Hulle teken albei die testament met kruisies.

Andries is oorlede na die dag van die doop van hul kind Nicolaas, op 13 Februarie 1757, en voor 18 Februarie 1757 toe na sy vrou as 'n weduwee verwys is. Hulle testament word dan ook op 7 Maart 1757 by die Weesheer ingedien.

In die finale inventaris van Andries se boedel, soos voltooi op 8 November 1759, (wat saamhang met Johanna se huwelik met Christiaan Lessing op 2 November 1759) word die volgende ingesluit[44]:

- Drie mansslawe met die name September van Malabar, Admiraal van Malabar en Maij van Ternate.
- Vee: 197 beeste, 4313 skape, 154 bokke en 9 perde.
- Plaas- en ander gereedskap, insluitende 'n ploeg.
- Meubels: 2 tafels, 5 stoele, 2 ou kiste, 2 klein kiste, 2 ou katels, 3 beddens met toebehore.
- Kombuis- en eetgereedskap, insluitende: 8 emmers, 'n bottervat, 3 karrings, 5 ysterpotte, 2 teeketels, 'n konfoor, 9 tinborde, 3 tinkomme, 2 porseleinskottels, 4 porseleinborde; 1 dosyn halfgeslete teelepels, 1 dosyn ystervurke, 6 kommetjies en 'n koffiemeul.
- Wapens: 2 snaphane.
- Vervoer: 1 halfgeslete wa, 1 ou wa met drie wiele en 2 halfgeslete saals. Sommige van die perde en beeste wat reeds hierbo genoem is, moet eintlik hier ook in ag geneem word.

Al die vee en goedere in die inventaris was op Uitkyk, wat bevestig dat hulle daar gewoon het. Daar kan uit die inventaris afgelei word dat hulle, wat vee betref, 'n groot boerdery gehad het. Dit is egter opvallend dat daar min meubels en eetgereedskap was terwyl al die kinders nog klein en in die huis was.

## Johanna se tweede huwelik

’n Bietjie meer as 2½ jaar na Andries se dood trou Johanna op 25 November 1759 te Tulbagh met Christiaan Gottlieb Lessing. Hulle was toe albei 35 jaar oud.

Christiaan is gebore in Duitsland op 29 Maart 1724. Hy was die seun van Johann Georg Lessing en Johanna Sophia Donath. Hy kom in 1748 as matroos vanaf Kamense, Sakse, in die Kaap aan.



Handtekening van Christiaan Gottlieb Lessing

Christiaan[45] gaan in 1751 ’n kontrak met Stephanus Walters aan om hom te dien as kneg en die kontrak word telkens verleng tot 1759[46]. Dit is moontlik ingevolge hierdie kontrak dat hy as onderwyser optree en ook aan die Van der Walt-kinders onderwys gee, soos blyk uit die bedrag wat na Andries se dood aan hom vir skoolgeld verskuldig was.

Christiaan word in 1759, die jaar van sy huwelik met Johanna, ’n vryburger. Vanaf 1759 ressorteer hulle onder die Distrik Stellenbosch, vanaf 1769 onder Swellendam, vanaf 1777 weer onder Stellenbosch en vanaf 1784 onder Tulbagh[47].

Christiaan en Johanna het vier kinders gehad, naamlik:

- Johanna Sophia Lessing wat skynbaar vroeg oorlede is.
- Johanna Elizabeth Lessing, getroud met Johannes Jurgen du Preez.
- Johannes Christiaan Lessing, eers getroud met Lasya Christina Venter en later met Hester (Margaretha) van Wyk.
- Johanna Margaretha Lessing, getroud met Charl Marais.

Op 27 Februarie 1765 maak Christiaan alleen ’n testament wat betrekking het op die Lessing-kinders[48]. Op hierdie testament kom sy handtekening, soos hierbo, voor.

Johanna is op 7 November 1766 oorlede. Sy was 42 jaar oud. Johanna was 14 jaar getroud met Geele Andries en bykans 7 jaar met Christiaan Lessing. Deur die kinders wat uit die twee huwelike gebore is, word sy die stammoeder van beide die Van der Walts en die Lessings. Sy het altesaam 12 kinders gehad.

Uit die inventarisse[49] wat opgestel is na die dood van Johanna, blyk dit dat die meubels, plaas- en ander gereedskap asook die kombuis- en eetgereedskap aansienlik toegeneem het. Die volgende was, onder andere, in die boedel:


- Twee leningsplase: Uitkyk en Quachafontein.
- Vier mansslawe: September van Malabar, Julij van Bengale, Maij van Madagaskar en Baatjoe van Bengale. Een vroueslaaf: Catrijn van Bengale. Een slawekind: Silvia van die Kaap.
- Vee: 20 perde, 4457 skape, 36 bokke en 167 beeste.
- Plaas- en ander gereedskap, insluitende 2 ploeë en ’n eg.
- Wapens: 5 geweers en 3 koeëlvormers.
- Vervoer: 2 ossewaens en rygoed vir perde.
- Silwer en goue juwele: “… 1 silvere beugel, 1 zilvere snuijfdoos, een goude ring, een paar zilvere handsknoopen, en een paar silvere schoengespen … “.

Christiaan trou op 25 September 1768 met Isabella Potgieter. Hulle het een dogter gehad, nl. Martha Theresia Lessing wat getroud was met Paul Fouche. Christiaan is op 3 Maart 1788 in die Distrik Tulbagh oorlede. Hy was bykans 64 jaar oud.

© A. M. Martin, J. J. Martin en R. J. du Preez


**Moet afgerond word**

# Ooreenkoms van Andries om as kneg te dien



Heden den 27e Febr. 1737
Compareerde voor mij Willem van Kerkhof
Eerste gesworen Clercq ter politique Secretary
alhier aan Cabo de Goede Hoop, present de
naargen: getuijgen den Landbouwer Arnoldus
Johannes Basson, (als mondeling last
hebbende van den meede Landbouwer Jan
Cornelisz. Olivier,) ter eenre en den
Quartiermeester Geele Andriesz. van
Veenwoude, ter andere zijde, ende verklaarde
den eersten Comp: qq volgens verleende
Ordonnantie van den Edelen Heer Gouverneur
de dato deeses in [struck through] dienst in leening
overgenomen te hebben den tweeden Comp:
omme gem: Olivier voor den tijt van een geheel
Jaar trouw en naarstig te dienen als
knegt in tot wat redelijke diensten hem
verders mogten benodigen, maandelijx omme
ofte voor de somma van Vijfthien guldens
Indische Valuatie en vrij tabacq, boven
en behalven het onderhoud van spijs drank
en goede huijsvesting, sonder dat hij
Eerste Comp: qq hem tweede inmiddels
aan een ander vermag over te doen op de
penaliteijten daartoe staande blijvende
hij tweede Comp: ook gehouden, bij opbot."

**Die eerste bladsy van 'n kontrak van 27 Februarie 1737**

In die kontrak kom Geele Andries van Veenwoude ooreen om vir Jan Cornelisz Olivier vir 'n jaar getrou en ywerig as kneg te dien. Arnoldus Johannes Basson gaan die ooreenkoms namens Olivier aan, soos mondeling deur Olivier gemagtig.

Andries moet aan Olivier die dienste lewer wat redelikerwys van hom verwag kan word. In ruil daarvoor moet Andries ƒ15 (Indiese valuasie), vry tabak, kos, drank en huisvesting ontvang.

© A. M. Martin, J. J. Martin en R. J. du Preez


Moet afgerond word

# Geele Andries en Johanna se kinders

# Andries van der Walt (b1) (c. 1743 – c. 1776)

## Oriëntasie

Andries jr. is ongeveer 1743 gebore en was 33 jaar oud toe hy in 1776 oorlede is. Hy was ŉ boer.

Die 25-jarige Andries jr. trou in 1768 met die 17-jarige Johanna[50] van der Merwe. Hulle was agt jaar getroud en het twee dogters gehad.


Johanna van der Merwe trou weer op 27-jarige leeftyd met Johannes Lodewicus Olivier, wat toe 19 jaar oud was. Hy is gebore c. 1759 en was 65 jaar oud toe hy oorlede is in 1824. Hulle het drie kinders gehad.

## Genealogiese gegewens

b1 **VAN DER WALT, Andries**: *c. 1743[51]; ≈Stellenbosch 10.11.1743[52]; †Tulbagh 5.6.1776[53].

x 28.2.1768[54]: **VAN DER MERWE, Johanna Maria**: *c. 1751[55]; ≈Tulbagh 26.12.1751[56]. Dogter van Hendrik VAN DER MERWE en Hester PIENAAR.
[ Johanna Maria van der Merwe trou weer:
xx 19.7.1778[57]: **OLIVIER, Johannes Lodewicus**: *c. 1759[58]; ≈19.8.1759[59]; †Cradock Dist. Soutpansdrif 11.7.1824[60]. Seun van Philip Arnold OLIVIER en Anna Catharina PUTTER.
Johannes Lodewicus Olivier trou weer:
xx 5.4.1795. **ALBERTS, Maria**.]

**Kaart nr. 46: Benaderde ligging van ŉ aantal plase van Andries**




## Lewensloop

Andries is omstreeks 1751 gebore en is gedoop op 10 November 1743 te Stellenbosch. Hy is oënskynlik vernoem na sy oupa. Andries was ongeveer 14 jaar oud toe sy pa oorlede is. Hy het blykbaar die grootste gedeelte van sy jeug op Uitkyk in die Roggeveld deurgebring.

Hy trou op 28 Februarie 1768 met Johanna Maria van der Merwe. Sy omstreeks 1751 gebore. Sy is gedoop te Tulbagh op 26 Desember 1751. Die doopgetuies was Schalk van der Merwe en Elsje Jansen. Sy was ŉ vierde geslag Van der Merwe.


Johanna se vader was Hendrik van der Merwe (c. 1714 - ?), die seun van Schalk van der Merwe (1673 - ?), die seun van Willem van der Merwe wat in 1660 in die Kaap aankom vanaf Nederland en getroud was met Elsje Cloete.[61]

Die moeder van Johanna was Hester Pienaar (c. 1717 - ?), wat die dogter was van Pierre (Pieter) Pienaar (1690 – 1771), wat die seun was van Jacques Pinard (c. 1664 – c. 1712), wat in 1688 in die Kaap aankom uit Chartres, Frankryk, en getroud was met Marthé

© A. M. Martin, J. J. Martin en R. J. du Preez


Moet afgerond word

Kaart nr. 47: Benaderde ligging van twee plase van Andries




le Febre.[62]

By dieselde geleentheid waar Andries en Johanna getroud is, is sy broer Tjaart en suster Anna Maria ook getroud.

Die plaas **Palmietfontein** (tans nr. 42?)[63] word aan Andries toegeken op 17 Februarie 1764[64]. Die ligging van die plaas is onseker, maar dit is moontlik die plaas wat naby die volgende twee plase geleë is.

Die volgende plaas wat aan hom toegeken word op 7 Januarie 1766, is **Eendekuil** (tans nr. 41)[65] "... gelegen agter het Roggeveld aan de Rietrivier..."[66]. **Elandsberg** (tans nr. 86)[67], wat grens aan Eendekuil word ook op 7 Januarie 1766 aan hom toegeken.[68]

**Kattebos** "...gelegen in de Zeekoei Rivier ..." is aan Andries toegeken op 31 Desember 1768[69], maar dit is nie seker waar die plaas geleë is nie. Andries het tot 1770 hier gewoon, toe hy na die Sneeuberge vertrek het.

Op 11 Julie 1770 verkry Andries weiregte op die plaas **Uijtkijk** (tans nr. 54)[70] "...op de Sneeuwberg ..."[71]. Soos uit die kaart hierbo gesien kan word, het twee van Andries se susters en sy broer, Johannes Petrus, ook plase in die omgewing gehad.

Op 17 Oktober 1770 word weidingsregte op **Rietvallei** "... gelegen op de Sneeuwberg ..." aan hom toegeken[72]. Andries verkry op 1 April 1774 weiregte op **Blaauwkranz** (tans nr. 103)[73] "... gelegen in de Sneeuwberg ..."[74].

Soos uit die bogemelde toekenning van plase gesien kan word, was Andries een van die vroeë trekboere wat na die ooste getrek het. Ook dui die toekenning op kort bewoning van plase, voordat verder getrek is. Die redes vir die trekboere se beweging van een plaas na die ander was, byvoorbeeld, swak weiding, droogtes en plae soos sprinkaanplae[75]. In sommige gevalle het stropende inboorlinge hulle ook genoodsaak om te trek.

Andries en Johanna het twee dogters gehad, naamlik:

- Hester Sophia, getroud met Pieter Venter – 'n neef van haar.
- Johanna Maria, getroud met Stephanus Fourie.

Andries is oorlede op 5 Junie 1776 toe hy nagenoeg 33 jaar oud was. In die tweede Van der Walt-boek[76] word enersyds aangedui dat vermoed word dat Andries begrawe is op Blaauwkranz[77], maar andersyds word aangedui dat hy te Tulbagh[78] oorlede is.

Johanna was nagenoeg 25 jaar oud toe Andries oorlede is. Sy trou weer en wel met Johannes Lodewicus Olivier op 19 Julie 1778. Sy was toe 27 jaar oud en Olivier 19 jaar. Hulle het twee seuns gehad, naamlik Philippus Arnoldus en Johannes Lodewyk[79].

Johanna is oorlede tussen 1786 toe haar en Olivier se laaste kind gebore is, en sy volgende huwelik in 1795. Olivier oorleef Johanna en trou met Maria Alberts, saam met wie hy nog vyf kinders gehad het, nl. Johannes Lodewyk, Gerbrecht Levina Catharina, Hendrik Willem, Anna Catharina Sophia en Gerrit Jacobus[80].

© A. M. Martin, J. J. Martin en R. J. du Preez

# *Hendrik van der Walt (b2)* (c. 1745 – ?)

## Oriëntasie

Hendrik van der Walt is omstreeks 1745 gebore. Dit is moontlik dat hy omstreeks 1809 oorlede is toe hy 64 jaar oud was. Hy was 'n trekboer.

Die 21-jarige Hendrik trou in 1766 met die 16-jarige Hester Venter. Sy is ongeveer 1750 gebore en is oorlede c. 1827 toe sy 77 jaar oud was. Hulle het 14 kinders gehad.

## Genealogiese gegewens

b2 **VAN DER WALT, Hendrik**: *c. 1745[81]; ≈Stellenbosch 14.2.1745[82].

x Tulbagh 12.10.1766[83]: **VENTER, Hester**: *Tulbagh c. 1750[84]; ≈Tulbagh 1.2.1750[85]; †c. 1827[86]. Dogter van Jan Hendrik VENTER en Johanna Maria BUYS.

## Lewensloop


Hendrik is omstreeks 1745 gebore en gedoop te Stellenbosch op 14 Februarie 1745. Hy is vernoem na sy oupa aan moederskant. Daar is 'n aantekening in die doopregister dat die ouers self die doopgetuies is.

Hy was nagenoeg 12 jaar oud toe sy pa oorlede is. Hy het blykbaar die grootste gedeelte van sy jeug op Uitkyk in die Roggeveld deurgebring.

Hy trou op 12 Oktober 1766 met Hester Venter. Sy is omstreeks 1750 gebore en is gedoop te Tulbagh op 1 Februarie 1750. Sy is blykbaar vernoem na haar ouma aan moederskant, Hester Nel.

Hester Venter was 'n agterkleindogter van Hendrik Venter en Anna Viljoen. Hendrik Venter is in Duitsland gebore en sy naam word die eerste keer aan die Kaap genoem in 1690[87]. Anna Viljoen was die dogter van Francois Villion en Cornelia Campenaar. Francois was afkomstig van Clermont in Frankryk en kom in 1670 in die Kaap aan[88].

**Kaart nr. 48: Moontlike ligging van Rietfontein**




Hester se ouma, Hester Nel, was die jongste dogter van Guillaume Neel/Nel van Rouaan, Normandië in Frankryk en Jeanne de la Batte van Samour langs die Loirerivier in Frankryk, wat voor 1690 in die Kaap aankom as Franse vlugtelinge[89].

Hendrik was ook 'n trekboer wat van die Roggeveld weggetrek het na die Sneeuberge, die omgewing van die Sondagsrivier en later na agter die Renosterberg.


Die plaas **Doornberg**[90] aan die Seekoeirivier is aan Hendrik toegeken op 31 Desember 1768. Die ligging van die plaas kan nie met die beskrywing opgespoor word nie. Hy het weiregte op die plaas gehad tot 1787.

Die tweede plaas wat aan Hendrik toegeken word op 16 Oktober 1771, is **Ezelsfonteijnen**[91]. Ook hierdie plaas se ligging kan nie bo twyfel bepaal word nie.



Moet afgerond word

**Kaart nr. 49: Benaderde ligging van Draaihoek en Olyvenfontein**





Die volgende plaas wat Hendrik ontvang is **Rietfontein** "... gelegen op de Sneeuwberg ..." wat op 24 Maart 1772 aan hom toegeken word[92].

Blykbaar is Rietfontein naby Mistkraal van Hendrik se broer Tjaart geleë. Daar is egter 'n mate van onsekerheid oor watter Mistkraal hier ter sprake is. In twee gevalle is daar 'n Rietfontein naby 'n Mistkraal. Kaart nr. 48 dui die mees moontlike ligging aan, wes van Cradock. In daardie geval sou die plaas dan **Rietfontein** (tans 404)[93] wees. Die ander ligging is suid van Somerset-Oos en Cookhouse, in welke geval dit dan **Rietfontein** (tans A159) sou wees.

Op 5 Junie 1777 neem die Politieke Raad in Kaapstad 'n brief wat deur 'n aantal inwoners van die Sneeuberggebied onderteken is, in behandeling[94]. Die brief is, onder andere, deur Hendrik en sy broer Johannes Petrus onderteken. Die brief bring "... den droevigen toestant te kennen, hoe wij heeden in Camdebo op Sneeuwberg woonagtig zijn ... " en dat "... wij integendeel alle uuren in groot gevaar van ons Leeven moeten leeven ..." Die toestand is die gevolg van aanvalle deur Khoisan en die onvermoë om hulle onder beheer te bring.

**Kaart nr. 50: Benaderde ligging van Van Aardtskraal**




Daar word vermeld dat 'n aantal koloniste reeds getrek het en dat die ondertekenaars nie seker is of hulle ook maar moet trek nie.

Hulle vra egter eers nog hulp van die owerheid aan. Die Politieke Raad bewillig ammunisie sodat die verdediging onderneem kan word. Soos uit die verdere verloop van Hendrik se grondbesit gesien kan word, het ook hy uit die gebied getrek.

Die volgende plaas wat in 1781 aan Hendrik toegeken word, is Olijvenhoutsfontein[95], wat tans **Olijven-Fontein**[96] is. In 1781 word die plaas **Draaihoek**[97] wat aan die suidekant aan Olijven-Fontein grens, aan hom toegeken[98].


In 1781 word ook **Van Aardtskraal**[99] aan Hendrik toegeken[100].

Op 27 Oktober 1781 word **Grootfontein** agter die Sneeuberg aan hom toegeken[101]. (Vir ligging kyk by Nicolaas b8.)

© A. M. Martin, J. J. Martin en R. J. du Preez


Moet afgerond word

**Kaart nr. 51: Benaderde ligging van Tweefontein en Caroluspoort**




**Tweefontein**[102] "... gelegen agter de Renosterberg ..." word aan Hendrik toegeken op 24 Maart 1783[103]. Hierdie plaas is geleë tussen sy broer, Johannes Petrus se plaas Wolvekop, aan die suidekant en Hartebeeshoek, wat later aan Johannes Petrus toegeken sou word, in die noorde.

Daar is ook rekord van die toekenning van die plaas **Pampoenkrans/ Pampoenkraal** "... gelegen aan de Zwarte Rivier in het Outeniqua Land ..." aan Hendrik op 19 Desember 1783 en dat die huur opgesê is op 19 Desember 1783[104].

Weiregte is op 16 Oktober 1795 toegestaan aan Hendrik ten opsigte van **Caroluspoort** (tans nr. 166)[105] ten noorde van Noupoort[106]. Daar is ook 'n Caroluspoort 167 wat suid van die genoemde plaas en net wes van Noupoort geleë is.

Volgens die gegewens oor opgaafrolle, wat hieronder verstrek word, het Hendrik 'n gemiddelde boerdery aan die gang gehad.

Hendrik en Hester se testament van 30 April 1807[107] is op 25 Maart 1809 by die Weesheer ingedien. Dit word gevolglik beraam dat Hendrik omstreeks 1809 oorlede is. Indien dit wel die geval is, was hy nagenoeg 64 jaar oud en hy en Hester vir omtrent 42 jaar getroud.

| Opgaafrolle Graaff-Reinet: Hendrik van der Walt | | | |
|---|---|---|---|
| Jaar | | 1799[108] | 1802/4[109] |
| Wyk (Veldkornetskap) | | | Renosterberg |
| Gesin | Mans | 1 | 1 |
| | Vroue | 1 | 1 |
| | Seuns | 1 | 1 |
| | Dogters | 3 | 2 |
| Werkers | Manlik | 20 | 16 |
| | Vroulik | 25 | 15 |
| Slawe | Manlik | 2 | 2 |
| | Vroulik | 2 | 2 |
| Vee | Perde | 12 | 13 |
| | Beeste | 185 | 108 |
| | Skape | 946 | 1291 |
| | Bokke | | 313 |
| Gesaaides Tarwe (Mud) | Gesaai | | 3 |
| | Gewen | | 90 |
| Gesaaides Koring (Mud) | Gesaai | | |
| | Gewen | 40 | |
| Gesaaides Gars (Mud) | Gesaai | | 2 |
| | Gewen | | 41 |
| Vervoer | Wa | 1 | 3 |
| Plase | | 1 | |
| Notas: Die gegewens is nie noodwendig heeltemal betroubaar nie. | | | |

Hulle het veertien[110] kinders gehad. Die meeste van die kinders wat getrou het, het met neefs of niggies en in een geval met 'n kleinniggie getrou:

- Johanna Maria, getroud met Petrus Albertus Venter.
- Andries, getroud met Johanna Maria van der Walt – sy niggie.
- Hester Sophia wat blykbaar jonk oorlede is.
- Johannes Hendrik, getroud met Johanna Maria van der Walt – sy niggie.
- Renske Aletta, getroud met Andries van der Walt – haar neef.
- Hester Sophia, getroud met Piet Venter.[111]
- Anna Maria, getroud

© A. M. Martin, J. J. Martin en R. J. du Preez


Moet afgerond word

met Johannes Hendrik van der Walt – 'n neef.

- Jacoba Petronella, getroud met Hendrik Venter – haar neef.
- Anna Martha wat waarskynlik vroeg oorlede is.
- Lasya Sophia, eers getroud met Johannes Venter en daarna met Christiaan Godlieb van der Walt – twee neefs van haar.
- Maria Elizabeth, getroud met Tjaart Nicolaas Venter – haar neef.
- Jacobus Stephanus wat blykbaar vroeg oorlede is.
- Hendrina Johanna Stephina, getroud met Johannes Petrus Venter.
- Tjaart Nicolaas, eers getroud met sy kleinniggie Maria Elizabeth van der Walt en daarna met Anna Alida Cecilia Kruger.

Hester se testament van 30 Januarie 1826[112] is op 14 Desember 1827 by die weesheer ingedien, tesame met 'n inventaris van haar boedel. Dit dui daarop dat sy omstreeks 1827 oorlede is. Indien dit die geval is, was sy nagenoeg 77 jaar oud en vir omtrent 18 jaar 'n weduwee.

Hester se boedel[113] het, onder andere, 5 slawe, 2 slavinne, 'n perdewa, 'n klompie meubels, kombuisgereedskap en eetgereedskap, skryfgereedskap, 'n Bybel, 300 skape, 36 beeste en 6 perde ingesluit. Die inventaris is geteken te Renosterberg.

# Renske van der Walt (b3) (c. 1746 – c. 1813)

## Oriëntasie

Renske (Rensche) is gebore omstreeks 1746 en was vermoedelik 67 jaar oud jaar oud toe sy omstreeks 1813 oorlede is.

Die 19-jarige Renske trou in 1767 met die 29-jarige Hendrik Olivier. Hy is omstreeks 1736 gebore en is oorlede in 1790 toe hy 54 jaar oud was. Hulle het agt kinders gehad. Hy was 'n boer.

## Genealogiese gegewens

b3 **VAN DER WALT, Renske**: *c. 1746[114]; ≈Stellenbosch 13.11.1746[115]; †c. 1813[116]

x Tulbagh 24.3.1767[117]: **OLIVIER, Hendrik**: *c. 1736[118]; ≈Kaapstad 18.11.1736[119]; †7.9.1790[120]. Seun van Gerrit OLIVIER en Maria Magdalena VAN DER WESTHUIZEN.

## Lewensloop

Renske is gebore omstreeks 1746 en is gedoop op 13 November 1746 te Stellenbosch.




Sy was nagenoeg 11 jaar oud toe haar pa oorlede is. Sy het blykbaar die grootste gedeelte van haar jeug op Uitkyk in die Roggeveld deurgebring.

Sy trou op 24 Maart 1767 met Hendrik Olivier. Hy is omstreeks 1736 gebore en is gedoop te Kaapstad op 18 November 1736. Een van die doopgetuies was sy oupa Nicolaas van der Westhuizen. Hy is vernoem na sy oupa, Hendrik Corneliszoon Olivier (a2).

Hendrik se oupa, Hendrik Corneliszoon Olivier, was afkomstig van Ouwekerk in Nederland en het in 1661 in die Kaap aangekom. Hy was getroud met Beatrix Guiberthe (Gysbertha) Verwey van Woerden in Nederland, oor wie daar in Hoofstuk 3 geskryf is.

Na die dood van Johanna Weyers op 7 November 1766, het Hendrik en Renske die opstal op **Quachafontein** (tans nr. 66) verkry[121]. Op 20 April 1768 verkry hulle ook weiregte op **Uitkyk** (tans nr.67)[122]. Die gegewens oor die twee plase is by die gedeelte oor Geele Andries, Renske se vader, verstrek.

Op 11 Augustus 1778 is die plaas **Papekuijlsfonteijn** op die Roggeveldberge aan Hendrik toegeken[123]. Die ligging van die plaas kon nie bepaal word nie. Na die dood van haar man, is die plaas **Rietfontein** (tans nr. 49?)[124] op 13 Augustus 1792 aan Renske toegeken[125]. Volgens latere toekennings was die plaas **Tonteldoosfontein** (tans nr. 152)[126] ook in Renske se besit[127].

Die plaas **Bruintjesfontein** in die Koue Bokkeveld is op 1 Februarie 1793 aan Renske toegeken[128]. Die ligging van die plaas kon nie bepaal word nie. Omstreeks 1793 is die plase **Brakkerivier**, "... gelegen op het Roggeveld ..."[129] en **Eendekuil**, "... gelegen agter het Roggeveld aan de Rietrivier ..."[130] ook aan Renske toegeken.




**Moet afgerond word**

Kaart nr. 52: Benaderde ligging van enkele plase




Uit die gegewens oor die plase kan afgelei word dat Hendrik en Renske nie soos die meeste van die Van der Walt-kinders die trekboerroetes gevolg het nie, maar vireers in die Roggeveld aangebly het. Dit word ook bevestig in die testament van 1786 waar aangedui word dat hulle in die Roggeveld woon. Later het Renske na die Koue Bokkeveld verhuis, soos ook bevestig deur die testament van 1810.

Kaart nr. 53: Benaderde ligging van Tonteldoosfontein




Uit die huwelik van Hendrik en Renske is daar agt Olivier-kinders gebore[131]:

- Gerrit Olivier, getroud met Hester Myburgh.
- Andries Olivier, getroud met Cecilia Johanna Korff.
- Martha Magdalena (Maria) Olivier wat moontlik vroeg oorlede is.
- Nicolaas Olivier, getroud met Cornelia Susanna Jooste.
- Johanna Catharina Olivier, getroud met Petrus van der Westhuizen.
- Renske Olivier, getroud met Wietse van der Westhuizen.
- Beatrix Olivier, getroud met Willem Myburgh.
- Aletta Hendrina Olivier, getroud met Cornelis van der Westhuizen.

Hendrik en Renske se testament van 16 Maart 1786[132] is aan die Weeskamer vertoon op 8 Oktober 1790. Hendrik is oorlede op 7 September 1790. Hy was nagenoeg 54 jaar oud en hulle was 23 jaar getroud. Renske oorleef Hendrik.

Renske het 'n paar testamente gemaak na Hendrik se dood. In die testament van 13 April 1792[133] vermeld sy 15 slawe. Renske maak haar laaste testament op 10 Desember 1810. Daarin word gemeld dat sy in die Koue Bokkeveld woonagtig is. Die testament word op 7 Julie 1813 in die Weeskamer vertoon. Dit is dus moontlik dat Renske omstreeks 1813 oorlede is. Indien dit die geval is, het sy 67 jaar oud geword en was sy omtrent 22 jaar 'n weduwee.

# Tjaart van der Walt (b4) (1748 – 1802)

## Oriëntasie

Tjaart is gebore in 1748 en was 54 jaar oud toe hy in 1802 oorlede is. Hy was 'n heemraad, kommandant en boer. Tjaart het hom op politieke en militêre gebied onderskei as 'n leier.

Die 19-jarige Tjaart trou in 1768 met die 18-jarige Anna[134] Venter. Sy is gebore in 1750 en is oorlede in 1785 toe sy 35 jaar oud was. Hulle het agt kinders gehad.

Tjaart trou weer op 37-jarige leeftyd met Maria[135] Venter wat toe 15 jaar oud was. Sy is gebore in 1771 en word 85 jaar oud voordat sy in 1856 oorlede is. Hulle het agt kinders gehad. Maria trou in 1804 met Willem Albertus Botha, oorleef hom en sterf in die Bloemfontein Distrik.

## Genealogiese gegewens

b4 **VAN DER WALT, Tjaart**: *28.8.1748; ≈Kaapstad 30.3.1749; †Roodewal Onverwacht (Cambria) (Grensoorlog) 8.8.1802; #Onverwacht (Cambria).

x Tulbagh 28.2.1768: **VENTER, Anna Martha**: *26.1.1750; ≈Tulbagh 4.3.1752; †10.6.1785. Dogter van Jan Hendrik VENTER en Johanna Maria BUYS.

xx Tulbagh 26.3.1786: **VENTER, Maria Elizabeth:** *Middelburg KP Dist. 14.1.1771; ≈29.9.1771; †Bloemfontein Dist. Kleinfontein 31.8.1856. Dogter van Petrus VENTER en Martha DU PLESSIS.
[Maria Elizabeth Venter trou weer: -
xx Kaapstad 22.4.1804: **BOTHA, Willem Albertus**: *c. 1780; ≈5.11.1780; †Rietrivier oor die grense van die Kaap 25.12.1839. Seun van Frederik BOTHA en Hester VENTER.]

**Nota:**
Die storie oor Tjaart en sy gesin verskyn in die volgende hoofstuk.


**© A. M. Martin, J. J. Martin en R. J. du Preez**


**Moet afgerond word**

# Johannes Petrus van der Walt (b5)

(1749 – 1825)

## Oriëntasie




Johannes[136] is gebore in 1749 en was 75 jaar oud toe hy in 1825 oorlede is. Hy was 'n kommandant en boer.

Die 21-jarige Johannes trou in 1770 met die 15-jarige Alida[137] Venter. Sy is gebore in 1755 en is oorlede in 1835 toe sy 79 jaar oud was. Tydens hul huwelik van 54 jaar het hulle 11 kinders gehad.

**Nota:**
Gedeeltes van gebeure in verband met die verdediging van die koloniste in die binneland is gedupliseer by die broers Hendrik, Tjaart en Johannes Petrus ten einde hulle stories meer volledig te maak.

## Genealogiese gegewens

b5 **VAN DER WALT, Johannes Petrus**: *Sutherland Dist. Uitkyk 7.10.1749[138]; ≈Tulbagh 4.10.1750[139]; †Graaff-Reinet Dist. 27.7.1825[140].

x Tulbagh 21.10.1770[141]: **VENTER, Alida Johanna:** *Worcester Dist. c. 24.5.1755[142]; ≈Swartland (Malmesbury) 5.10.1755[143]; †Graaff-Reinet Dist. Wyk Middenveld Rhenosterfontein 21.1.1835[144]. Dogter van Jan Hendrik VENTER en Johanna Maria BUYS.

## Lewensloop

Johannes is op 7 Oktober 1749 op sy pa se plaas Uitkyk in die Roggeveld gebore. Hy is gedoop te Tulbagh op die 4de Oktober 1750. Die doopgetuies was Johannes Krugel en Petronella Smit. Hy was maar sewe jaar oud toe sy pa oorlede is. Hy het heel moontlik in die Lessing-huishouding groot geword ná sy ma se tweede huwelik.


Johannes trou op 21 Oktober 1770 met Alida Johanna Venter. Alida was die suster van Hester wat met Hendrik van der Walt getroud is en Anna Martha wat met Tjaart van der Walt getroud is. Sy is gebore omstreeks 24 Mei 1755 in die Worcester Distrik. Sy is gedoop te Swartland (Malmesbury) op 5 Oktober 1755. Die doopgetuies was "Piet Venter de jonge, Johanna Sophia Venter".

Johannes trek, soos sy broers Andries en Tjaart, teen 1770 na die gebied van die Sneeuberge. Daar het die Khoisan van sy vee gesteel en twee jong Khoi-Khoi op sy plaas vermoor. Die algemene gevaar was sodanig dat hulle dit nie langer kon uithou nie en Johannes en sy broers trek na die omgewing net wes van Middelburg, KP, in die "Boesmanland". Die weiding daar was goed en die terrein was oop met nie soveel skuilplek vir die Khoisan nie[145]. Daar is reeds by sy broer, Hendrik, vertel hoe moeilik hulle dit by die Suurberge gehad het. Johannes trek vandaar weer wes en vestig hom in 1791 in die Koue Bokkeveld. Sy plaas aldaar word in 1793 as verlate aangedui. Hy moes hom teen hierdie tyd weer noord van Middelburg, KP, gevestig het.




Moet afgerond word


Kaart nr. 58: Benaderde ligging van Houd Constant




Kaart nr. 59: Benaderde ligging van Groote Valleij en Onbekend




Kaart nr. 60: Benaderde ligging van Elandsfontein




Die eerste plaas wat Johannes ontvang op 25 September 1770, is **Zoeterivier** in die Sneeuberge[146]. Die ligging van die plaas is onseker. Op 14 Desember 1771 verkry Johannes weiregte op die plaas **Houd Constant**[147] in die Sneeuberge[148].

Johannes ontvang op 1 April 1774 die plaas **Hartebeeskloof** "... aan de Sneeuwberg ..."[149]. In die *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998*[150] word aangedui dat dit net noord van Mistcraal van Tjaart en net suid van Rietfontein van Hendrik geleë is[151]. Volgens die kaarte is daar egter net 'n plaas Hartebeeshoek in die omgewing.

Op 29 Maart 1783[152] word die plaas **Groote Valleij** "... agter de Renosterberg ..."[153] aan Johannes toegeken en sowat ses maande later[154] die plaas **Onbekend**[155]. Die twee plase grens aan mekaar. Op 10 September 1791 ontvang Johannes die plaas **Elandsfontein**[156] in die Koue Bokkeveld[157].

In 1795 beweeg Johannes weer oos en word die plaas **Wolvekop**[158] aan hom toegeken op 16 Oktober 1795[159]. In hierdie tyd word die plaas **Elandsfontein** aan die Roodeberg ook aan hom toegeken[160]. Johannes het ook blykbaar in hierdie tyd op **Frisgewaagd** agter die Sneeuberge gewoon en vandaar in 1803 na die bogenoemde Wolwekop getrek[161]. Hy het blykbaar ook **Caroluspoort** [162]gehad[163].

Volgens die inligting in die tabel hieronder oor die opgaafrolle ten opsigte van Johannes, moes hy 'n taamlike groot boerdery gehad het.


Johannes en Alida het elf kinders gehad, naamlik:

- Andries, getroud met Renske Aletta van der Walt – 'n niggie.
- Johanna Maria, getroud met Johannes Hendrik van der Walt – 'n neef, en daarna met Michiel Jacobus Pretorius.
- Johannes Hendrik, getroud met Anna Maria van der Walt – 'n niggie.
- Martha Maria, getroud met Joseph Jooste en daarna met P A Olivier.
- Renske Adriana, wat blykbaar vroeg oorlede is.



Moet afgerond word

**Kaart nr. 61: Benaderde ligging van die plase noord van Middelburg, KP**




**Opgaafrolle Johannes van der Walt**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Jaar | | 1773[164] | 1802/4[165] | 1823[166] |
| Distrik | | Drakens. | Gr-Rein. | Gr-Rein. |
| Gesin | Mans | 1 | 1 | 1 |
| | Vroue | 1 | 1 | 1 |
| | Seuns | | 2 | |
| | Dogters | | 1 | |
| Werkers | Manlik | | 19 | 26 |
| | Vroulik | | 18 | 18 |
| Slawe | Manlik | 1 | 3 | 5 |
| | Vroulik | 1 | 4 | 3 |
| Vee | Perde | 1 | 93 | 50 |
| | Beeste | | 263 | 386 |
| | Skape | | 1103 | 2808 |
| | Bokke | | 362 | 116 |
| Gesaaides Tarwe (Mud) | Gesaai | | 4 | 5 |
| | Gewen | | 150 | 113 |
| Gesaaides Koring (Mud) | Gesaai | | 1 3/8 | |
| | Gewen | | 50 | |
| Gesaaides Gars (Mud) | Gesaai | | | 3½ |
| | Gewen | | | 151 |
| Vervoer | Wa | | 5 | 7 |

Notas: Drakens. = Drakenstein/Paarl Distrik
Gr-Rein. = Graaff-Reinet Distrik
Die gegewens is nie noodwendig heeltemal betroubaar nie, maar dien as riglyn.

- Nicolaas Tjaart, agtereenvolgens getroud met Anna Sophia Pretorius, Hester Lessing en Anna Smit.
- Anna Catharina, getroud met Petrus Carolus Duvenage.
- Hester Lasya, getroud met Jan Adriaan Venter – 'n neef.
- Tjaart Nicolaas, getroud met Maria Elizabeth van der Merwe.
- Petrus Jacobus, getroud met Aletta Sophia Lessing.
- Renske Adriana, wat blykbaar ook vroeg oorlede is.

Die probleme met die Khoisan het steeds voortgeduur. Op 13 Julie 1792 besluit die Politieke Raad om, vanweë die getalsterkte van die Khoi-Khoi, twee kommando's op te roep uit die Distrikte Stellenbosch and Swellendam onder leiding van Johannes Petrus van der Walt en "… onder denzelven als meede Commandant…" Tjaart van der Walt. Die kommando uit Stellenbosch was onder die leiding van Johannes en dié uit Swellendam onder die leiding van sy broer, Tjaart. Hulle is aangestel "… als gereputeert zynde voor Mannen die van derzelver geschiktheid en onverschrocken moed om in zaken tot een gelukkig einde te brengen …".[167] Johannes het op 1 September 1792 met 100 man uitgetrek en die kraal van Couragie en nog drie ander krale opgespoor.

Die kommando's uit Stellenbosch en Swellendam kom byeen by die Swartberg. Vandaar vertrek Johannes met 100 man en vernietig die kraal van Couragie en nog drie krale. Daar is 231 van die Khoi-Khoi gedood en gevange geneem, terwyl 725 skape en 15 beeste teruggevind is.[168] Na nog botsings ontbind die kommando teen die einde van 1792. Johannes ontvang as blyk van waardering twee plase waarop hy nie "huur"geld hoef te betaal nie.


Intussen is die Kaap in 1795 deur die Britte beset. 'n Nuwe benadering moes gevind word om die probleme met die Khoisan te hanteer. In 1798 is daar op 'n konsiliasiebeleid besluit. Johannes was 'n ywerige ondersteuner en toepasser van die beleid.

Johannes was een van die vier Veldkommandante van die Distrik Graaff-Reinet. Hy was ook betrokke by 'n opstand teen die Landdros van Graaff-Reinet nadat Adriaan van Jaarsveld in 1799 in hegtenis geneem is weens agterstallige rente op 'n verband. Van Jaarsveld is na Kaapstad geneem, maar is langs die pad deur 'n aantal

ontevrede koloniste bevry. 'n Verset teen die Landdros kom op die been en Johannes neem ook daaraan deel. Daar is sterk deur die Britse owerheid opgetree en Van Jaarsveld en Marthinus Prinsloo is in die Kaap ter dood veroordeel. Van Jaarsveld is in die tronk oorlede en Prinsloo is vrygestel toe die Nederlanders weer die Kaap oorneem.

Johannes was in 1801 weer betrokke by 'n insident in die Distrik Graaff-Reinet. Van die boere was ontevrede oor die feit dat Khoi-Khoi in die kerkgebou skool gegaan het en omdat Khoi-Khoi en Xhosas toegelaat is om in die Suurveld te bly. Na verskeie verwikkelinge het ongeveer 200 burgers na Graaff-Reinet opgetrek en gedreig om die drosdy af te brand. Aan hulle eis dat Khoi-Khoi en Xhosas nie meer in die kerk skoolgaan nie, is toegegee. Aan hulle eise dat die Khoi-Khoi wat 'n kolonis vermoor het aan hulle uitgelewer word en dat hulle toegelaat word om die Xhosas aan te val, is nie toegegee nie. Johannes was een van die groep se onderhandelaars. Binne enkele dae was daar weer nagenoeg 300 boere buite die dorp. Weer was Johannes een van die onderhandelaars. Die situasie is tydelik ontlont, maar het later weer opgevlam en daar was weer 'n dreigende aanval teen die drosdy. In hierdie stadium het Johannes sy steun aan die verset onttrek en hom aan die kant van die Landdros geskaar. Dit het daartoe gelei dat die lewe vir hom baie moeilik geword het in die Wyk Tarka waar hy gewoon het. Gevolglik trek hy daarvandaan weg en vestig hom op Wolwekop.[169]

Die gebeure hierbo word baie kortliks beskryf om Johannes se rol aan te dui. Daar is 'n breedvoerige beskrywing in die *Die Familie Van der Walt in Suid-Afrika*[171]. 'n Groot groep van die boere in die suid-oostelike wyke van Graaff-Reinet het geglo dat die Landdros (Maynier) Xhosa- en Khoi-Khoivegters teen sy vyande wil gebruik. Hulle het uit hulle deel van die distrik gevlug en in die noord-oostelike deel in laers saamgetrek. As gevolg van die onstabiele omstandighede het die boere groot verliese gely. Rondswerwende klein groepies Khoi-Khoi en Xhosas het vee gesteel en huise afgebrand. Teen 1802 is 470 plase afgebrand en verlaat in die Distrikte Graaff-Reinet en Swellendam. In Graaff-Reinet is verslag gedoen van die verlies van 858 perde, nagenoeg 40 000 beeste, nagenoeg 34 000 skape en 2 480 bokke.[172]


**Skets van die Drosdy te Graaff-Reinet in 1811 deur Burchell**[170]


Nadat die Kaap teruggegee is aan die Nederlanders in 1803 het Johannes vir Kommissaris-Generaal Janssens tydens sy landsreis ontvang en het hulle op sy plaas oornag. Nadat die Britte weer die Kaap beset het, het Johannes ook die Kommissaris vir die Oostelike Distrikte, Kol. Richard Collins, ontvang.

Daar is blykbaar verskillende stories oor die skiet van 'n leeu. Volgens Johannes se eie vertelling, soos verhaal, was hy een oggend vroeg op die jag uit saam met sy negejarige seun Petrus Jacobus (Piet) en 'n Khoi-Khoi. Hulle het onverwags afgekom op 'n leeu wat gelê en slaap het. As gevolg van die struike het hy die leeu nie gesien nie. Die leeu het opgespring, hom bespring en haar pote in Johannes se dy en die perd se heup ingeslaan, waarop die perd op loop gegaan het. Die seun het die perd ingejaag, afgeklim en op tien tree aangelê en die leeu geskiet. Die leeu het afgeval, waarna die Khoi-Khoi die doodskoot gegee het.[173]

Johannes en Alida maak hulle testament op 20 Maart 1806. Johannes sterf op 27 Julie 1825 op 75-jarige ouderdom. Hy en Alida was vir meer as 54 jaar lank getroud. Dit is duidelik dat Johannes 'n erkende leier was wat in sy gemeenskap op militêre gebied met sukses opgetree het.



**Moet afgerond word**


Alida se handtekening op 4 April 1832

Alida is op 21 Januarie 1835 op 79 jaar oorlede op die plaas Renosterfontein in die Wyk Middenveld van die Distrik Graaff-Reinet. Sy het haar testament gemaak op 4 April 1832[174]. In die inventaris[175] wat na Alida se dood opgestel is, word geen vaste eiendom genoem nie. Dit sluit, onder andere, ses manlike en 3 vroulike slawe en slawekinders in asook 401 skape, 226 bokke, 7 perde en 136 beeste; 'n perdewa en drie ossewaens, waarvan een onbruikbaar is; en meubels, kombuis- en eetgereedkap asook plaasgereedskap in.



**Moet afgerond word**

# *Anna Maria van der Walt (b6)* (c. 1752 – 1839)

## Oriëntasie

Anna[176] is gebore omstreeks 1752 en was bykans 88 jaar oud toe sy in 1839 oorlede is.

Die 16-jarige Anna trou in 1768 met die 21-jarige Johannes[177] Venter. Hy is gebore omstreeks 1747. Hulle het 14 kinders gehad. Hy was 'n boer.

## Genealogiese gegewens

b6 **VAN DER WALT, Anna Maria**: *Worcester Dist. c. 1752[178]; ≈Kaapstad 29.10.1752[179]; †Cradock Dist. Wyk Brakrivier, Groot Rietpoort 7.12.1839[180].

x Tulbagh 28.2.1768[181]: **VENTER, Johannes Albertus**: *c. 1747[182]; ≈Swartland 27.5.1747[183]. Seun van Pieter VENTER en Hester NEL.

## Lewensloop

Anna is omstreeks 1752 in die Worcester Distrik gebore. Sy is gedoop te Kaapstad op 29 Oktober 1752. Die doopgetuies was Matthys Taute en Elisabeth Bruyns. Sy was 5 jaar oud toe haar vader oorlede is en bring blykbaar haar jeugjare deur op Uitkyk as deel van die Lessing-gesin ná haar ma se tweede huwelik.

Johannes Albertus Venter was die twaalfde kind van Pieter Venter en Hester Nel. Hy is omstreeks 1747 gebore en is gedoop te Swartland (Malmesbury) op 27 Mei 1747. Die doopgetuies was Johannes Albertus Loubser en Elisabeth Johanna Mostert.

Johannes (21 jaar) en Anna (16 jaar) trou op 28 Februarie 1768 te Tulbagh. By dieselfde geleentheid is haar broers Hendrik en Tjaart ook getroud met dogters van Johannes se oudste broer. Hulle woon eers in die Roggeveld en trek toe na die Sneeuberg-omgewing, daarna na die omgewing van die Sondagsrivier en toe weer suidoos van Middelburg, KP.




**'n Skets van 'n tipiese plaashuis in die Karoo omstreeks 1812/1813 deur Burchell[184]**




Moet afgerond word


Kaart nr. 62: Benaderde ligging van Kruisrivier




Kaart nr. 63: Benaderde ligging van De Rust en Ossefontein




Kaart nr. 64: Benaderde ligging van Honingkranz




**Kruysrivier**[185] word op 30 Junie 1768 aan Johannes toegeken[186]. Dit is die plaas waarop Geele Andries vroeër ook weiregte gehad het.

**Laafdegel** "... in de Camdeboo ..." word op 11 Februarie 1772 aan Johannes toegeken[187]. Die ligging van die plaas is onseker.

Op die Sneeuberg word die plaas **De Rust**[188] aan Johannes toegeken[189].

Daar word in *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998*[190] aangedui dat weiregte op die plaas **Ossefontein** op 29 Oktober 1773 aan Johannes toegestaan is en dat die plaas grens aan die suid-ooste grens van De Rust. Op 3 Mei 1768 word **De Ezels Fonteijnen** in die Roggeveld aan Johannes Venter toegeken[191]. Die ligging van die plaas is onseker. Daar kom op die huidige kaarte nie so 'n plaas voor nie, maar op die plaas Matjiesvallei word 'n plek Ossefontein aangedui.


Op 25 Januarie 1777 is die plaas **De Plattedrift** aan die Swartrivier toegeken[192]. Die ligging van die plaas is onbekend.

Die volgende plaas wat aan Johannes toegeken word, is **Baviaanskranz**[193], wat hy op 19 Desember 1782 ontvang[194]. Dit is oor die Sondagsrivier geleë.

Die plaas **Eijlandsfonteijn** word op 22 September 1783 aan Johannes toegeken[195]. Die ligging van die plaas is nie bekend nie.

© A. M. Martin, J. J. Martin en R. J. du Preez

**Kaart nr. 65: Benaderde ligging van Baviaanskranz**




**Opgaafrolle: Johannes Venter**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Jaar | | 1794[199] | 1799[200] |
| Distrik | | Gr-Rein | Gr-Rein |
| Gesin | Mans | 1 | 1 |
| | Vroue | 1 | 1 |
| | Seuns | 4 | 2 |
| | Dogters | 4 | 4 |
| Werkers | Manlik | | 17 |
| | Vroulik | | ?? |
| Slawe | Manlik | | |
| | Vroulik | 1 | 1 |
| Vee | Perde | 1 | 17 |
| | Beeste | 100 | 290 |
| | Skape | 1000 | 1777 |
| | Bokke | | |
| Gesaaides Tarwe (Mud) | Gesaai | | |
| | Gewen | | |
| Gesaaides Koring (Mud) | Gesaai | | |
| | Gewen | | 51 |
| Gesaaides Gars (Mud) | Gesaai | | |
| | Gewen | | 13 |
| Vervoer | Wa | 1 | |

Notas: Gr-Rein = Graaff-Reinet Distrik
Die gegewens is nie noodwendig heeltemal betroubaar nie, maar dien as riglyn.

**De Hooningkranz**[196] aan die Groot Brakrivier is op 4 Julie 1787 aan Johannes toegeken[197]. Hoewel die plaas nie as sodanig op die kaart aangedui word nie, kom so 'n plek voor op die plaas Bosjemansfontein.

Blykbaar het Johannes ook die plaas **Matjiesvallei** gehad, want dit word, met 'n verwysing na hom, in 1788 toegeken aan iemand anders[198]. Daar is nie sekerheid oor die ligging van die plaas nie. 'n Moontlikheid is dat dit dieselfde plaas as Ossefontein hierbo was.

Volgens die opgaafrolle vir 1794 en 1799, soos dit hieronder verskyn, het Johannes 'n redelike groot boerdery gehad. In die opgaafrol van 1799 word aangedui dat hy twee plase in maatskappy het.

Johannes en Anna het 14 kinders gehad, naamlik:

- Pieter Venter, getroud met Hester Sophia van der Walt.
- Andries Venter, getroud met Johanna Margaretha van der Walt – 'n niggie.
- Hester Venter, getroud met Gabriel du Plessis
- Jan Hendrik Venter, getroud met Hester Aletta Venter.
- Johanna Maria Venter, getroud met Johannes Petrus Venter.
- Jan Adriaan Venter, getroud met Hester Lasya van der Walt.
- Tjaart Nicolaas Venter, getroud met Maria Elizabeth van der Walt - 'n niggie.
- Anna Cornelia Venter, getroud met Frans Kruger.
- Jan Albert Venter.
- Johannes Petrus Albertus Venter, agtereenvolgens getroud met Martha Sophia Pretorius en Elizabeth Johanna van der Walt – 'n niggie van hom.
- Rensche Hester Venter, getroud met Dirk Johannes Coetzee.
- Johanna Elizabeth Venter, getroud met Tjaart Petrus Venter.
- Wilhelmina Catharina Francina Venter.
- Frederick Jacobus Venter.

Dit is nie seker wanneer Johannes oorlede is nie, maar dit was voor sy vrou se sterfte. Anna sterf op 7 Desember 1839 in die Cradock Distrik se Wyk Brakrivier op die plaas Groot Rietpoort. Sy was bykans 88 jaar oud.

© A. M. Martin, J. J. Martin en R. J. du Preez


**Moet afgerond word**

# *Johanna Catharina van der Walt (b7)*

(c. 1754 – 1840)

## Oriëntasie

Johanna[201] is omstreeks 1754[202] gebore en was 86 jaar oud toe sy in 1840 oorlede is.

Die 16-jarige Johanna trou in 1770 met die 26-jarige Jan Venter. Hy is gebore omstreeks 1744 en is oorlede in 1829 toe hy 85 jaar oud was. Hulle het in 'n huwelik van 58 jaar elf kinders gehad. Hy was 'n boer.

## Genealogiese gegewens

b7 **VAN DER WALT, Johanna Catharina**: *Graaff-Reinet Dist. c. 1754[203]; ≈Kaapstad 15.9.1754[204]; †Colesberg Dist., Wyk Onder-Seekoeirivier Gansgat 7.2.1840[205].


x 1.4.1770[206]: **VENTER, Jan (Johannes):** *c. 1744[207]; ≈Drakenstein 15.11.1744[208]; †15.2.1829[209]. Kind van Pieter VENTER en Hester NEL.

## Lewensloop

Johanna is omstreeks 1754 in die Graaff-Reinet Distrik gebore. Sy is gedoop te Kaapstad op 15 September 1754. Die doopgetuies was Frans Bouman en Geertruyd Willemse. Sy was tussen 3 en 4 jaar oud toe haar vader oorlede is en bring blykbaar haar jeugjare deur op Uitkyk as deel van die Lessing-gesin ná haar ma se tweede huwelik.

Jan Venter was die elfde seun van Pieter Venter en Hester Nel. Hy is omstreeks 1744 gebore en is gedoop te Drakenstein (Paarl) op 15 November 1744. Die doopgetuies was Karel Titus Just en Anna Viviers. Jan was 26 jaar oud toe hy en Johanna, wat 16 jaar oud was, op 1 April 1770 trou.

Die eerste plaas wat aan Jan en Johanna toegeken word, is **Onrust** (tans nr. 106)[210] in die Sneeuberg, wat hulle op 25 September 1770 ontvang en waar hulle boer tot in 1778[211]. Soos in die bygaande kaart gesien kan word,



**Skets van 'n opstal in die Sneeuberge in 1811 deur Burchell[212]**



**Moet afgerond word**


was dit 'n buurplaas van De Rust en Houd Constant waar haar suster Anna Maria en haar broer, Johannes Petrus, gewoon het.

Dit is nie bekend waar hulle oral gewoon het nadat hulle in 1778 van Onrust af weggetrek het nie. In Jan se boedel word aangetoon dat hulle die plaas **Paardevallei**[213] besit. Die ligging van die plaas kon nie bo alle twyfel bepaal word nie. Daar is egter 'n plaas Paardevallei 62[214] in die Wyk Bo-Seekoeirivier noordwes van Middelburg, KP. Die Klein Seekoeirivier vloei deur die plaas.


Jan en Johanna het elf kinders gehad[215]:


- Piet (Petrus) Venter, getroud met Hester Sophia van der Walt – 'n niggie.
- Johanna Venter, getroud met Carel Nicolaas van der Merwe.
- Andries Venter, eers getroud met Huibrecht Kruger en daarna met Anna Martha Steyn.
- Hester (Lacea) Venter, getroud met Philippus Arnoldus Olivier. (Blykbaar was sy en Jan hieronder 'n tweeling.)
- Jan Venter, getroud met Lasya Sophia van der Walt – 'n niggie.
- Hendrik Venter, getroud met Jacoba Petronella van der Walt – 'n niggie.
- Willem Adriaan Venter, agtereenvolgens getroud met Gerbrecht Elizabeth Potgieter en Hester Jacoba Lodewika Venter.
- Tjaart Petrus Venter, getroud met Johanna Elizabeth Venter – 'n niggie – en daarna met Anna Catharina Venter.
- Hercules Frederik Venter, getroud met Johanna Hendrina Catharina Venter en daarna met Engela Elizabeth Pretorius.
- Nicolaas Albertus Venter, getroud met Johanna Maria Venter.
- Jacobus Christiaan Francois Venter.

**Kaart nr. 66: Benaderde ligging van Onrust**




**Kaart nr. 67: Moontlike ligging van Paardevallei**




**Johanna se handtekening**




Moet afgerond word

Uit die opgaafrolle hieronder blyk dit dat Jan en Johanna veeboere was wat hoofsaaklik met skape geboer het:

| Opgaafrolle: Jan Venter | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaar | | 1773[216] | 1794[217] | 1802/4[218] | 1811[219] | 1823[220] |
| Distrik | | Drakens. | Gr-Rein. | Gr-Rein. | Gr-Rein. | Gr-Rein. |
| Gesin | Mans | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Vroue | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Seuns | 1 | 8 | 3 | | |
| | Dogters | | 2 | | | |
| Werkers | Manlik | | | 6 | 6 | 5 |
| | Vroulik | | | 5 | 4 | 6 |
| Slawe | Manlik | | | | | |
| | Vroulik | | | | | |
| Vee | Perde | | 1 | 1 | 1 | |
| | Beeste | 30 | 70 | 30 | 29 | 60 |
| | Skape | 200 | 900 | 1486 | 1796 | 1655 |
| | Bokke | | | | | 88 |
| Gesaaides Tarwe (Mud) | Gesaai | | | 1½ | | |
| | Gewen | | | 15 | | |
| Vervoer | Wa | | 1 | 2 | 1 | 1 |

Notas: Drakens. = Drakenstein/Paarl Distrik
Gr-Rein. = Graaff-Reinet Distrik
By die opgaafrol van 1811 word hulle aangetoon as wonende in die Wyk Zeekoerivier en in besit van die plaas Paardevallij.
Die gegewens is nie noodwendig heeltemal betroubaar nie, maar dien as riglyn.

Kaart nr. 68: Ligging van Ganzen Gat




Jan is op 15 Februarie 1829 oorlede. Dit is moontlik dat hy op Paardevallei oorlede is. Hy was 85 jaar oud. In haar testament van 10 Maart 1835 dui Johanna aan dat sy woonagtig is in die Wyk Seekoeirivier. Sy dui aan dat aan die egpaar se testament se voorwaardes voldoen is, aangesien die kinders almal 'n vadersdeel geërf het. Sy bemaak dan haar besittings, wat uit los goedere bestaan, aan haar kinders.

Johanna is oorlede op die plaas Gansgat in die Wyk Onder-Seekoeirivier in die Distrik Colesberg, moontlik in die ouderdom van 86 jaar. Teen 1850 behoort die plaas aan Nicolaas Albertus Venter[221], Johanna se seun. Dit is dus moontlik dat sy by hierdie seun van haar gewoon het ten tye van haar sterfte.

© A. M. Martin, J. J. Martin en R. J. du Preez


Moet afgerond word

# *Nicolaas van der Walt* *(b8)* (1756 – c. 1811)

## Oriëntasie

Nicolaas is gebore in 1756 en was 54 jaar oud toe hy in 1811 oorlede is. Hy was 'n boer. Die 21-jarige Nicolaas trou in 1778 met die 16-jarige Maria[222] Coetzee. Sy is gebore in 1762 en is oorlede in 1849 toe sy 87 jaar oud was. Hulle het in 'n huwelik van 32 jaar elf kinders gehad en het 107 kleinkinders gehad.

Maria trou weer op 50-jarige leeftyd in 1813 met Stephanus Venter wat toe 58 jaar oud was. Hy is omstreeks 1755 gebore en word 77 jaar oud voordat hy oorlede is in 1832. Hulle was 19 jaar getroud en het nie as egpaar kinders gehad nie. Stephanus was voorheen getroud met Francina Johanna Susanna Kruger en het by haar in 'n huwelik van 28 jaar 12 kinders gehad.

## Genealogiese gegewens

b8 **VAN DER WALT, Nicolaas**: *26.12.1756[223]; ≈Kaapstad 13.2.1757[224]; †c.April 1811[225].

x Tulbagh 13.9.1778[226]: **COETZEE, Maria Jacoba**: *Piketberg 29.5.1762[227]; ≈Swartland 4.7.1762[228]; †Middelburg KP Dist. Wyk Renosterberg Grootfontein 29.9.1849[229]. Dogter van Johannes Jacobus COETZEE en Johanna CLOETE.
[Maria Jacoba Coetzee trou weer:
xx Graaff-Reinet 21.2.1813[230]: **VENTER, Stephanus**: *c. 1755[231]; ≈10.2.1756[232]; †21.9.1832[233]. Seun van Jan Hendrik VENTER en Johanna Maria BUYS.
Stephanus Venter was voorheen getroud:
x 24.10.1784[234]: **KRUGER, Francina Johanna Susanna**; *24.12.1769[235], ~Paarl 25.2.1770[236]; †c. 1813[237]. Dogter van Hendrik KRUGER en Francina CLOETE.]

## Lewensloop


**Die opstal op Grootfontein is in 1827 opgerig deur Nicolaas se seun Nicolaas (1791 – 1843) en dien tans as 'n museum**


Nicolaas is gebore op 26 Desember 1756 en is gedoop in Kaapstad op 13 Februarie 1757. Die doopgetuies was sy broer Andries en sy suster Renske. Hy is gedoop as Klaas, maar word later deurgaans Nicolaas genoem. Hy was maar enkele maande oud toe sy pa oorlede is en het blykbaar op Uitkyk by die Lessing-gesin (sy ma se tweede huwelik) groot geword.

Hy trou op 13 September 1778 met Maria Jacoba Coetzee. Sy is gebore op 29 Mei 1762 en is gedoop te Graaff-Reinet op 4 Julie 1762. Haar vader was 'n burger van Stellenbosch en is omstreeks 1806 oorlede op die plaas Tafelberg in die Wyk Agter Renosterberg.[238]


© A. M. Martin, J. J. Martin en R. J. du Preez


**Moet afgerond word**


**Kaart nr. 69: Benaderde ligging van Zeekoegat en Grootte Vallei**




**Kaart nr. 70: Benaderde ligging van Drie- en Grootfontein**




**Kaart nr. 71: Benaderde ligging van Buffelsfontein**




Die plaas **Zeekoegat** (tans nr. 87)[239] "... agter de renoster berg ..." word op 23 Maart 1783 aan Nicolaas toegeken[240]. Dit lê suidwes van Steynsburg. (Daar is ook 'n ander plaas met dieselfde naam noordwes van Steynsburg.)

**Driefonteijnen** word op 8 Oktober 1784 aan Nicolaas toegeken. Dit is ook agter die Renosterberg.[241] Die dorp Middelburg KP is op die plaas aangelê.

Nicolaas beweeg nou na die suidooste en ontvang **De Keur** (tans nr. 194)[242] "... gelegen aan de Groot Brakrivier agter de Renosterberg ..." op 11 Februarie 1785[243].

Op 11 Februarie 1785 ontvang Nicolaas ook **Vergund**. Die plaas word beskryf as geleë aan die Teebusrivier[244]. So 'n plaas kon egter nie opgespoor
word nie.

**De Groote Valleij** (tans nr. 86)[245] agter die Renosterberg en **Geelhoutboom** wat aan die Boesmansrivier geleë was, word ook aan Nicolaas toegeken[246]. Die ligging van Geelhoutboom kon nie bepaal word nie.

**Buffelsfontein** (tans nr. 67)[247] en **Mistkraal** (tans nr. 151) was albei aan die Klein Visrivier geleë en vir 'n tydlank aan Nicolaas toegeken[248].

Nicolaas beweeg na die gebied suidoos van Middelburg KP en daar word **Buffelsvalleij** (tans nr. 121)[249] en **Tafelberg** (tans nr. 176)[250] aan hom toegeken[251].

Uiteindelik vestig Nicolaas hom op die plaas **Grootfontein** (tans nr. 81)[252] net buite Middelburg KP. Hy het in die laat 1790's reeds op die plaas gewoon.[253]

Nicolaas se sterfplek is nie bekend nie, maar Maria is in 1849 op Grootfontein oorlede. Dit kom dus voor asof hulle vir die res van hulle lewens op die plaas gewoon het. Op 31 Desember 1836 word die plaas gesamentlik toegeken aan hulle seuns Nicolaas en Hendrik Tjaart Jacobus. Maria se sterfkennis is onderteken deur Hendrik Tjaart Jacobus.


In 1827 is 'n opstal op die plaas opgerig wat steeds bestaan. In 1903 is die plaas verkoop aan die Britse Regering. Die Britte het dit as 'n militêre basis gebruik. In 1911 is die Grootfontein Landboukollege op die plaas ingerig. Heelwat later

© A. M. Martin, J. J. Martin en R. J. du Preez




Moet afgerond word

**Kaart nr. 71: Benaderde ligging van Buffelsfontein**




**Kaart nr. 72: Benaderde ligging van Buffelsvallei en Tafelberg**




het dr. P W Vorster, wat Sekretaris van Landbou was, die proses aan die gang gesit om 'n museum in die ou opstal in te rig.

Die opgaafrolle ten opsigte van Nicolaas en sy boerdery word hieronder verstrek. Uit die opgaafrol van 1802/4 is dit duidelik dat Nicolaas 'n groot boerdery op Grootfontein bedryf het.

Nicolaas en Maria het elf kinders gehad, naamlik:


- Johanna Margaretha, getroud met Andries Venter – 'n neef.
- Andries Johannes, eers getroud met Anna Sophia Vorster en daarna met Gerbrecht Sophia Venter.
- Anna Martha wat moontlik vroeg oorlede is.
- Hester Jacoba, getroud met Gerrit Hendrik Jacobus Kruger.
- Johannes Lodewyk, agtereenvolgens getroud met Hester Aletta Vorster en Francina Hendrina Magdalena Venter.
- Nicolaas, getroud met Lasya Christina Lessing.
- Anna Maria, getroud met Petrus Johannes du Plessis.
- Elizabeth Johanna, getroud met Johannes Petrus Albertus Venter – 'n neef.
- Renske Johanna, getroud met Jacobus Christoffel Snyman[254].
- Susanna Sophia, getroud met Johannes Jacobus Coetzee.
- Hendrik Tjaart Jacobus, getroud met Martha Helena Lessing.

Op 29 September 1794 oorweeg die Politieke Raad aan die Kaap 'n brief van Nicolaas. In die brief vermeld hy dat hy teen nagenoeg 1780 aansoek gedoen het vir die toekenning van 'n plaas Zeekoegat agter die Renosterberg. Petrus Venter (Hendrik Venter se seun) het egter versoek dat Nicolaas van die "besit" van die plaas afsien en toelaat dat hy wat Petrus is, aansoek doen om die plaas. Nicolaas het "… uit puure vriendschap in dat verzoek heeft bewilligd …" en Petrus Venter het die plaas verkry onder die naam Schoombeesfontein. Daar is egter steeds jaarliks gelde vir die plaas gehef en dit toon nou as uistaande teen Nicolaas. Hy vra om kwytskelding van die gelde. Die Politieke Raad het besluit dat die Landdros op Graaff-Reinet die gegewens moet kontroleer en indien dit korrek is, kwytskelding aan Nicolaas verleen moet word.[255]

Op 31 Januarie 1806 maak Nicolaas en Maria hul testament[256]. Hierdie testament is by die Weesheer ingedien op 22 April 1811, wat daarop dui dat Nicolaas omstreeks 1811 oorlede is in die ouderdom van 54 jaar. Nicolaas was 'n Heemraad, soos blyk uit 'n kopie van die testament van 31 Januarie 1806:

© A. M. Martin, J. J. Martin en R. J. du Preez


**Moet afgerond word**



"den oud Heemraad D'E (de edele) Nicolaas van der walt en Maria Jacoba Coetzee beide van dezen uit hoek geboortig, Egte lieden [257]"

| Opgaafrolle Distrik Graaff-Reinet: Nicolaas van der Walt | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Jaar | | 1794[258] | 1797[259] | 1799[260] | 1802 /4[261] |
| Gesin | Mans | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Vroue | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Seuns | 3 | 1 | 2 | 2 |
| | Dogters | 2 | 2 | 5 | 5 |
| Werkers | Manlik | | | 19 | 19 |
| | Vroulik | | | 9 | 15 |
| Slawe | Manlik | 1 | | 2 | 4 |
| | Vroulik | 1 | | 2 | 2 |
| Vee | Perde | 1 | 10 | | 43 |
| | Beeste | 100 | 50 | | 407 |
| | Skape | 1000 | 600 | | 4103 |
| | Bokke | | | | |
| Gesaaides Tarwe (Mud) | Gesaai | | | | 4 |
| | Gewen | | | | 90 |
| Gesaaides Koring (Mud) | Gesaai | | | | |
| | Gewen | | | 56 | |
| Gesaaides Gars (Mud) | Gesaai | | | | |
| | Gewen | | | 53 | |
| Wingerdstokke | | | | | 4000 |
| Vervoer | Wa | | | | 3 |
| Notas: Die rolle is nie altyd ewe volledig en betroubaar nie. In 1799 word aangedui dat hy drie leningplase "in maatschappije" het. | | | | | |

Maria trou op weer op 21 Februarie 1813 met Stephanus Venter. Hy is gebore omstreeks 1755 en is gedoop op 10 Februarie 1756. Hy was eers getroud met Francina Johanna Susanna Kruger, wat omstreeks 1813 oorlede is. Hy en Francina het twaalf kinders gehad. Stephanus Venter is op 21 September 1832 oorlede. Sy huwelik met Maria duur 19 jaar.

Maria leef nog 17 jaar as weduwee, voordat sy op 29 September 1849 op Grootfontein oorlede is.

---

[1] Van der Walt C. M., Van der Walt E. J. en Van der Walt T. S. P. Geredigeer deur Jooste, E. P. en Groesbeek I. 1989. *Die Familie Van der Walt in Suid-Afrika.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. ISBN 0 79690 754 4.
[2] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Potchefstroom: Uitgewery Lochwalt. ISBN 0 62023 218 8.
[3] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 1/711.
[4] Hulle testament is op 7 Maart 1757 vertoon volgens KAB MOOC 7/1/9 Verw. 100. Sy inventaris is egter eers op 16.10.1759 vir die eerste keer ingedien en gefinaliseer op 8 November 1759 volgens KAB MOOC 8/9 Verw. 37a en b.
[5] TAB FK 2181.
[6] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 1/711.



Moet afgerond word

[7] Genootskap vir die Kerkversameling. Kerkraad van die NG Moedergemeente Stellenbosch. 2004. *Palmkronieke. Annale van die Moedergemeente Stellenbosch*. Nr. 1. Versprei op CD.
[8] Daar is verskille oor haar sterfdatum:

- Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 1/711 verstrek 7.11.1766.
- SAG 5. Bl. 95 gee 7.11.1766 of 2.1.1767.
- SAG 16. Bl. 256 verstrek 2.1.1767.
- Die datum 2.1.1767 is blykbaar afkomstig van twee van die drie inventarisse wat na haar dood opgestel is: KAB MOOC 8/3 Verw. 19, 20 en 21. Inventarisse 20 en 21 is gedateer 2.1.1767, maar daar is nie enige direkte verwysing in die inventarisse dat Johanna oorlede is op 2.1.1767 nie. Inventaris 19 is nie gedateer nie.
- Inventaris 19 dui aan dat dit opgestel is toe die Lessing-kinders Johanna Elizabeth (≈25.12.1761) 5 jaar, Johannes Christiaan (* 13.1.1764) 3 jaar en Johanna Margaretha (*13.2.1767) 2 maande oud was.
- Die posisie ten opsigte van die kinders is dus soos volg:

| Naam van kind | Gebore | Gedoop | Ouderdom toe Inventaris opgestel is | | |
|---|---|---|---|---|---|
| b2 Johanna Elizabeth | | 25.12.1761 | 5 jaar | | |
| b3 Johannes Christiaan | 13.1.1764 | 26.6.1764 | 3 jaar | | |
| b4 Johanna Margaretha | 13.2.1767 | 15.2.1767 | 2 mde | | |

- Johanna Margaretha (b4) se geboortedatum (SAG 5, Bl. 97) is na beide die moontlike sterfdatums van Johanna wat hierbo verstrek is. Die verloop van twee dae tussen geboorte en doop kom ook verdag voor. In die bogenoemde inventaris KAB MOOC 8/3 Verw. 19, word Johanna Margaretha aangetoon as Johanna Weyers se kind.

[9] SAG 5. Bl. 95
[10] SAG 5. Bl. 95
[11] SAG 5. Bl. 95
[12] Swardt, Eric. 2000. *Die Potgieter Familie in Suid-Afrika.* Versprei deur Pretorius, Colin. *Supergene 3.* CD. Bl. 228.
[13] Van der Walt C. M., Van der Walt E. J. en Van der Walt T. S. P. Geredigeer deur Jooste, E. P. en Groesbeek I. *Die Familie Van der Walt in Suid-Afrika.* Bl. 9.
[14] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 53.
[15] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 8.
[16] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 57.
[17] SAG 2. Bl. 431
[18] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 54 dui aan dat Elsje Pyl die dogter was van Abraham Bastiaansz Pyl en Cornelia Claasen. Hierdie Elizabeth is egter van 'n latere geslag en volgens SAG 8. Bl. 516, gedoop op 18 Oktober 1699. SAG 2. Bl. 431 dui aan dat Elsje Pyl wat hier ter sprake is, die dogter was van Hendrik Speldenberg en Adriana Gabrielse van die Kaap.
Ball, Richard. 2006. *Transcription: Chrurch Registers of the Cape Town Nederduits Gereformeerde congregation: 1665 to 1695.* Gepubliseer op die webwerf van eGGSA by e.ggsa.org. In hierdie transkripsie van die dooprekords word Elsje Pyl se ouers aangedui as Hendrick Spel[en]berg en Adriaen Gauriol.
Els, Charlie. 2010. *Die herkoms van Elsje Gerrits ...* Gepubliseer in *Familia* Volume 47, Nommer 3. Kwartaalblad van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika. Bl. 151 – 171. Mnr. Els maak 'n sinvolle en waardevolle bydrae tot die ontrafeling van die herkoms van Elsje Speldenberg.
[19] Colenbrander, H. T. 1964. *De Afkomst der Boeren.* Tweede Uitgawe. Kaapstad: C. Struik, Gothic Printing Company. Bl. 47.
[20] Sleigh, D. 2004. *Die Buiteposte.* Pretoria: Protea Boekhuis. ISBN 1 86919 085 8. Bl. 291.
[21] Sleigh, D. 2004. *Die Buiteposte.* Bl. 292.
[22] KAB CJ 2885 Verw. 6.
[23] KAB CJ 2887 Verw. 11.
[24] KAB CJ 2887 Verw. 177.
[25] TANAP Project of the Nationaal Archief and Sentrum vir Besigheids- en Taaldiens. 2008. *Resolutions of the Council of Policy of the Cape of Good Hope between 1651 and 1795.* CD.
[26] KAB CJ 2885 Verw. 6.
[27] KAB CJ 2885 Verw. 6.
[28] KAB CJ 2887 Verw. 11.
[29] KAB CJ 2887 Verw. 11
[30] KAB CJ 2887 Verw. 177.
[31] TANAP Project of the Nationaal Archief and Sentrum vir Besigheids- en Taaldiens. 2008. *Resolutions of the Council of Policy of the Cape of Good Hope between 1651 and 1795.*

[32] TAB FK 2181.
[33] Madmappers DVD 1. Kaart 3220AD. GEO (WGS 84) –(20.28685005, -32.27888501) 32°16'43.99"S, 20°17'12.66"O.
*Mapset: South Africa – AfricaTopo GPS topographic map series.* DVDs 1 en 2. Versprei deur Madmappers.
[34] KAB RLR 11/2 Bl. [238].
[35] KAB RLR 12/3, Bl.[399].
[36] Madmappers DVD 1. Kaart 3220AD. GEO(WGS84) –(20.41106290, -32.33035015) 32°19'49.26"S, 20°24'39.83"O.
[37] KAB RLR 13 Bl. [74].
[38] Madmappers DVD 1. Kaart 3220AB. GEO (WGS84) –(20.29575004, - 32.20473116) 32°14"26.63"S, 20°17'44.70"O.
[39] KAB RLR 14/2 Bl. [198].
[40] Madmappers DVD 1. Kaart 3220BC. GEO (WGS84) -(20.70451621, -32.22188594) 32°13'18.79"S, 20°42'16.26"O.
[41] KAB RLR 14/2 Bl. [223].
[42] KAB MOOC 8/9 Verw. 37a.
[43] KAB MOOC 7/1/9 Verw. 100.
[44] KAB MOOC 8/9 Verw. 37a.
[45] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam as noemnaam.
[46] KAB CJ 2892 Verw. 17.
[47] SAG 5, Bl. 95.
[48] KAB MOOC CJ 2620 Verw. 4.
[49] KAB MOOC 8/13 Verw. 19, 20 en 21.
[50] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam as noemnaam.
[51] Afgelei van doopdatum.
[52] TAB FK 2175.
[53] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 1/711.
[54] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 1/711.
[55] Afgelei van doopdatum.
[56] TAB FK 2199.
[57] SAG 7. Bl. 83
[58] Afgelei van doopdatum.
[59] SAG 7, Bl. 84.
[60] SAG 7, Bl. 84.
[61] SAG 5. Bl. 531 – 580.
[62] SAG 8, Bl. 6.
[63] Madmappers DVD 1. Kaart 3220BB. GEO (WGS84) –(20.86969990, -32.19242521) 32°11'32.73"S, 20G52'10.92"O.
[64] KAB RLR 18/1 Bl.[121].
[65] Madmappers DVD 1. Kaart 3221AC. GEO (WGS84) –(20.96514769, -32.22369081) 32°13'25.29"S, 20º57'54.53" O.
[66] KAB RLR 19/1 Bl. [109].
[67] Madmappers DVD 1. Kaart 3220BD. GEO (WGS84) –(20.99169037, -32.31069839) 32º18'38.15" S, 20°59'30.09"O.
[68] KAB RLR 19/1 Bl. [108].
[69] KAB RLR 20/2 Bl.[143].
[70] Madmappers DVD 1. Kaart 3124DC. GEO (WGS84) –(24.51983040, -31.89469180) 31°53'40.89"S, 34°31'11.39"O.
[71] KAB RLR 21/1 Bl. [42].
[72] KAB RLR 21/1 Bl. [133].
[73] Madmappers DVD 1. Kaart 3124CD. GEO (WGS84) –(24.46018207, -31.91873689) 31°55'07.45"S, 24°27'36.66"O.
[74] KAB RLR 23/1 Bl. [107].
[75] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 76 en 78.
[76] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 76.
[77] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 76.
[78] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 1/711.
[79] SAG 7, Bl. 84.
[80] SAG 7. Bl. 84.
[81] Afgelei van doopdatum.
[82] TAB FK 2175.
[83] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 2/711.

[84] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 2/711 (Plek). Datum afgelei van doopdatum.
[85] SAG 14. Bl. 26.
[86] Afgelei van datum van Inventaris en indiening van Testament by Weeskamer (14.12.1827).
[87] Colenbrander, H. T. 1964. *De Afkomst der Boeren.* Bl. 26.
[88] SAG 14. Bl. 302.
[89] SAG 6. Bl. 78
[90] KAB RLR 20/2 Bl. [141].
[91] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 80.
[92] KAB RLR 22/1 Bl. [92].
[93] Madmappers DVD 1. Kaart 3225AA. GEO (WGS84) –(25.23280477, -32.17218773) 32°10'19.88"S, 25°13'58.10"O.
[94] TANAP Project of the Nationaal Archief and Sentrum vir Besigheids- en Taaldiens. 2008. *Resolutions of the Council of Policy of the Cape of Good Hope between 1651 and 1795.*
[95] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 81.
[96] Madmappers DVD 1. Kaart 3224DD. GEO (WGS84) –(24.84639912, -32.95752855) 32°57'27.10"S, 24°50'47.04"O.
[97] Madmappers DVD 1. Kaart 3224DD. GEO (WGS84) –(24.87673741, -33.01222002) 33°00'43.99"S, 24°52'36.25" .O
[98] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 81.
[99] Madmappers DVD 1. Kaart 3225DD. GEO (WGS84) –(25.79783066, -32.92493206) 32°55'29.76"S, 25°47'52.19"O.
[100] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 81.
[101] KAB RLR 28/2 Bl. [97A].
[102] Madmappers DVD 1. Kaart 3125AC. GEO (WGS84) –(24.99750727, - 31.30766781) 31°18'27.60"S, 24°59'51.03"O.
[103] KAB RLR 30 Bl. [9].
[104] KAB 1/STB 11/19 Verw. 75.
[105] Madmappers DVD 1. Kaart 3124BB. GEO (WGS84) –(24.89395435, -31.08874652) 31°5'19.49"S, 24°53'38.24"O.
[106] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 82.
[107] KAB MOOC 7/1/57 Verw. 26.
[108] KAB J 117.
[109] KAB J 122.
[110] SAG 15. Bl. 400 plaas tussen die tweede en derde kind wat in die Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 3/711 gegee word, 'n derde kind Hester Sophia, wat in die Distrik Graaff-Reinet gebore is omstreeks 1771 en wat jonk oorlede is.
[111] SAG 15. Bl. 404.
[112] KAB MOOC 7/1/103 Verw. 123.
[113] KAB MOOC 7/1/103 Verw. 124.
[114] Afgelei van doopdatum.
[115] TAB FK 2175.
[116] KAB MOOC 7/1/66 Verw. 1. Die testament is aan die Weesheer vertoon op 7 Julie 1813.
[117] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl.38/711 en SAG 15, Bl. 407, dui die huweliksdatum aan as 24.3.1767. SAG 7, Bl. 106 dui die huweliksdatum aan as 24.3.1765.
[118] Afgelei van doopdatum.
[119] TAB FK 2148.
[120] KAB MOOC 6/1, Vol. 3, Bl. 22.
[121] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 83.
[122] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 83.
[123] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 83.
[124] Madmappers DVD 1. Kaart 3220AB. GEO (WGS84) –(20.44790209, -32.18710896) 32°11'13.59"S, 20°26'52.45"O.
[125] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 84.
[126] Madmappers DVD 1. Kaart 3220DA. GEO (WGS84) –(20.74329181, -32.61372674) 32°36'49.42"S, 20°44'35.85"O.
[127] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 84.

[128] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 84.
[129] KAB 1/STB 11/19 nr. 267.
[130] KAB 1/STB 11/19 nr. 655.
[131] SAG 7. Bl. 106 – 108.
[132] KAB MOOC 7/1/33 Verw. 95.
[133] KAB CJ 2684 Verw. 14.
[134] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[135] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[136] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam. Hy is ook Johannes genoem in die notules van die Politieke Raad in die Kaap.
[137] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[138] SAG 15. Bl. 455.
[139] TAB FK 2199.
[140] KAB MOOC 6/3 Vol. 5.
[141] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 289/711.
[142] SAG 14. Bl. 27.
[143] TAB FK 2208.
[144] KAB MOOC 6/9/4 Verw. 660.
[145] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 44 en 45.
[146] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 101.
[147] Madmappers DVD 1. Kaart 3224AA. GEO (WGS84) –(24.24501503, -32.04008252) 32°02'23.46"S, 24°14'41.85"O.
[148] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 101.
[149] KAB RLR 23/ Bl. [106].
[150] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.*
[151] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 101.
[152] KAB RLR 30 Bl. [11].
[153] Madmappers DVD 1. Kaart 3124DB. GEO (WGS84) –(24.84816032, -31.57215220) 31°34'19.75"S, 24°50"53.38"O.
[154] KAB RLR 32 Bl. [116].
[155] Madmappers DVD 1. Kaart 3124DB. GEO (WGS84) –(24.78402728, -31.60068444) 31°36'02.46"S, 24°47'02,50"O.
[156] Madmappers DVD 1. Kaart 3319AB. GEO (WGS84) –(19.33983013, -33.18536572) 33°11'07.31"S, 19°20'23.39"O.
[157] KAB 1/STB 11/19. Bl. 41.
[158] Madmappers DVD 1. Kaart 3125AC. GEO (WGS84) –(25.03971270, -31.35616794) 31°21'22.20"S, 25°02'22.97"O.
[159] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 103.
[160] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 103.
[161] Van der Walt C. M., Van der Walt E. J. en Van der Walt T. S. P. Geredigeer deur Jooste, E. P. en Groesbeek I. *Die Familie Van der Walt in Suid-Afrika.* Bl. 55. Die datums ten opsigte van die plaas en Wolvenkop pas nie in nie en hierdie plaas word ook nie in Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998,* genoem nie.
[162] Madmappers DVD 1. Kaart 3124BB. GEO (WGS84) –(24.89395435, -31.08874652) 31°5'19.49"S, 24°53'38.24'O.
[163] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 103.
[164] KAB A 2250.
[165] KAB J 122.
[166] KAB J 161.
[167] TANAP Project of the Nationaal Archief and Sentrum vir Besigheids- en Taaldiens. 2008. *Resolutions of the Council of Policy of the Cape of Good Hope between 1651 and 1795.* CD.
[168] TANAP Project of the Nationaal Archief and Sentrum vir Besigheids- en Taaldiens. 2008. *Resolutions of the Council of Policy of the Cape of Good Hope between 1651 and 1795.*
[169] Van der Walt C. M., Van der Walt E. J. en Van der Walt T. S. P. Geredigeer deur Jooste, E. P. en Groesbeek I. *Die Familie Van der Walt in Suid-Afrika.* Bl. 50 – 55.
[170] Henning, C.G. 1986. *Die kultuurontwikkeling van Graaff-Reinet (1786 – 1986).* Lantern Julie 1986. Jaargang 35, Volume nr. 2. Bl. 135.



**Moet afgerond word**

[171] Van der Walt C. M., Van der Walt E. J. en Van der Walt T. S. P. Geredigeer deur Jooste, E. P. en Groesbeek I. *Die Familie Van der Walt in Suid-Afrika.*
[172] Giliomee, Hermann. 2004. *Die Afrikaners: 'n Biografie.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. ISBN 0 62404 181 6. Bl. 90 en 91.
[173] Van der Walt C. M., Van der Walt E. J. en Van der Walt T. S. P. Geredigeer deur Jooste, E. P. en Groesbeek I. *Die Familie Van der Walt in Suid-Afrika.* Bl. 56.
[174] KAB MOOC 7/1/128 Verw. 125.
[175] KAB MOOC 7/1/128 Verw. 126.
[176] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[177] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[178] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 448/711.
[179] TAB FK 2149, Bl. 82.
[180] KAB MOOC 6/9/19 Verw. 3987.
[181] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 448/711.
[182] Afgelei van doopdatum.
[183] TAB FK 2208.
[184] Henning, C.G. 1986. *Die kultuurontwikkeling van Graaff-Reinet (1786 – 1986).* Lantern Julie 1986. Bl. 11.
[185] Madmappers DVD 1. Kaart 3220AD. GEO(WGS84) –(20.41106290, -32.33035015) 32°19'49.26"S, 20°24'39.83"O.
[186] KAB RLR 20/1 Bl.[85].
[187] KAB RLR 22/1 Bl. [54].
[188] Madmappers DVD 1. Kaart 3224AB. GEO(WGS84) –(24.26306683, -31.99387920) 31°59'37.97"S 24°15'47.07"O.
[189] KAB RLR 22/1 Bl. [93].
[190] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 109.
[191] KAB RLR 20/1 Bl. [65].
[192] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 109.
[193] Madmappers DVD 1. Kaart 3224DA. GEO(WGS84) –(24.65084317, -32.65243815) 32°39'08.78S, 24°39'03.04"O.
[194] KAB RLR 29 Bl. [82].
[195] KAB RLR 30 Bl. [105].
[196] Madmappers DVD 1. Kaart 3125CD. GEO(WGS84) –(25.42012045, -31.82764430) 31°49'39.52"S, 25°25'12.43"O.
[197] KAB RLR 35/2 Bl. [120].
[198] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 110.
[199] KAB J 111.
[200] KAB J 117.
[201] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[202] Kyk na die nota wat gemaak is by die verstrekking van haar beraamde geboortedatum.
[203] Afgelei van doopdatum. Volgens haar sterfkennis was sy 87 jaar en 3 maande oud. Daarvolgens bereken sou sy in 1752 gebore gewees het. Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998* dui aan dat sy en haar jonger suster albei c. 1752 gebore is. Hulle is egter op verskillende datums gedoop wat die moontlikheid van 'n tweeling uitsluit. Die moontlikheid is dat in hierdie geval die ouderdom verkeerd bereken is. Dit kom voor dat dit meer verantwoordbaar is om die doopdatum as vertrekpunt te neem aangesien die moontlikheid sterk is dat sy eerder in 1753 of 1754 gebore is.
[204] TAB FK 2149.
[205] KAB MOOC 6/9/20 Verw. 4165.
[206] Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 449/711.
[207] Afgelei van doopdatum.
[208] TAB FK 2186.
[209] KAB MOOC 13/1/58 Verw. 8 (In opskrif).
[210] Madmappers DVD 1. Kaart 3224AB. GEO(WGS84) –(24.24159042, - 31.97896180) 31°58'44.26S, 24°14'29.73"O.
[211] KAB RLR 21/1 Bl. [119] en 1/STB 11/19.
[212] Henning, C.G. 1986. *Die kultuurontwikkeling van Graaff-Reinet (1786 – 1986).* Lantern Julie 1986. Bl. 144
[213] KAB MOOC 13/1/58 Verw. 8.
[214] Madmappers DVD 1. Kaart 3124BC. GEO(WGS84) –(24.66245526, -31.41651407) 31°24'59.45"S, 24°39'44.84"O.
[215] SAG 14. Ble. 97 – 129.
[216] KAB A2250.
[217] KAB J 111.
[218] KAB J 122.



**Moet afgerond word**

219 KAB J 133.
220 KAB J 161.
220 Le Roux J. G., Niemandt J. J., Olivier, Mariana, Olivier, Ronel: *Bewaarders van Ons Erfenis: Colesberg. (*Versprei deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.) Bl. 21.

222 Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
223 Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Potchefstroom: Uitgewery Lochwalt. ISBN 0 62023 218 8. Bl. 450/711.
224 Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 450/711.
225 Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998*. Bl. 450/711.
226 Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 450/711.
227 Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 450/711 en KAB MOOC 6/9/49 Verw. 398.
228 TAB FK 2208.
229 KAB MOOC 6/9/49 Verw. 398.
230 SAG 14. Bl. 27.
231 Afgelei van doopdatum.
232 SAG 14. Bl. 27.
233 KAB MOOC 8/47 Verw. 34.
234 SAG 14. Bl. 27.
235 SAG 14. Bl. 27.
236 SAG 14. Bl. 27.
237 Afgelei van Inventaris: KAB MOOC 8/3 Verw. 25.
238 Coetzee, N.A. 1979. *Die Stamouers Coetzee en Nageslagte: Herdenkingsuitgawe 300 jaar in Suider-Afrika.* Bl. 179.
239 Madmappers DVD 1. Kaart 3125BD. GEO(WGS84) –(25.76760109, -31.35751396) 31°21’27.05”S, 25°46’03.36O. (Zeekoegat 87.) *Mapset: South Africa – AfricaTopo GPS topographic map series.* DVDs 1 en 2. Versprei deur Madmappers.
240 KAB RLR 29 Bl. [124] .
241 Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 113.
242 Madmappers DVD 1. Kaart 3125DA. GEO (WGS84) –(25.49522775, - 31.60239120) 31°36’08.61”S, 25°29’42.82”O. In Engels word na die plaas verwys as The Kuur, maar op die plaas is daar ’n plek De Keur.
243 KAB RLR 33 Bl. [80].
244 Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 113.
245 Madmappers DVD 1. Kaart 3125BC. GEO (WGS84) –(25.70229903, -31.34966502) 31°20’58.79”S, 25°42’08.28”O. Daar is ’n hele aantal plase met die naam Groot Vallei of variasies daarvan in die Steynsburg en Middelburg KP omgewing en hierdie is een van die moontlikhede, wat veral met inagneming van die ligging teenoor Zeekoegat 87, die moontlike plaas is.
246 Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 113.
247 Madmappers DVD 1. Kaart 3225CB. GEO (WGS84) –(25.45271623, - 32.65822817) 32°39’29.62”S, 25°27’09.78”O.
248 Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 113 en 114.
249 Madmappers DVD 1. Kaart 3125CA. GEO (WGS84) –(25.09396576, -31.50366578) 31°31’50.39”S, 25º05’38.28” O.
250 Madmappers DVD 1. Kaart 3125CB. GEO (WGS84) –(25.26838460, -31.64273653) 31º38’33.85” S, 25°16’06.18”O.
251 Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 114.
252 Madmappers DVD 1. Kaart 3125AC.GEO (WGS84) –(25.49108660, -32.84939084) 32°50’57.81”S, 25°29’27.91”O.
253 Van der Walt A. J. en Van Der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 114.
254 KAB MOOC 13/1/39 Verw. 14 en SAG 11. Bl. 517. Volledige bespreking is by Renske Johanna, later in die hoofstuk.
255 TANAP Project of the Nationaal Archief and Sentrum vir Besigheids- en Taaldiens. 2008. *Resolutions of the Council of Policy of the Cape of Good Hope between 1651 and 1795.* CD.
256 KAB MOOC 7/1/61 Verw. 51.
257 KAB MOOC 7/1/61 Verw. 51.
258 KAB J 111.
259 KAB J 107.
260 KAB J 117.
261 KAB J 122.



**Moet afgerond word**